# TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION

# INQUIRY - SECTION 29 - DAY 2 - 25 OCTOBER 1996

## SUBMISSIONS, ANSWERS AND QUESTIONS

## GEN BASIE SMIT

**CHAIRPERSON**:

Good morning may I apologize for the late start, I was delayed on the flight from Durban and I am grateful that you didn't run away while we were delayed - all of you, on this side and that side. Thank you very much, this is a Section 29 hearing which is focused on seeking information, it is held **in camera** which means that for the record no-one is entitled to divulge information that is heard at this hearing and sitting.

The Commission in terms of the Act within it's own discretion may release information, but until such time as that happens, if it happens at all, no-one else may divulge information in terms of the Act.

General Smit I would like to welcome you in particular and to thank you for accepting the subpoena and coming here today. Before we proceed I would like to ask my colleague advocate Denzil Potgieter to enable you to take the oath, thank you.

**ADV POTGIETER**:

Thank you Chairperson.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Generaal sal u asseblief staan vir die eed, kan u net die mikrofoon voor u aanskakel daar is rooi knoppie daarop as u dit druk - ja daar's hy. Kan u, u volle name gee vir die rekord asseblief.

**SEBASTIAN JACOBUS JOHANNES SMIT** verklaar onder eed

**ADV POTGIETER**:

**Baie dankie u kan sit,** thank you Chairperson.

**CHAIRPERSON**:

**Baie dankie**, thank you - I understand General Smit that you have brought with you a written submission and I would invite you to make that submission - **natuurlik in Engels of Afrikaans net soos jy wil, dankie**.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**MS KRUGER**:

Mr Chairman may I at this stage with regard to the procedure would there be any objection if I address the Commission just as an opening address?

**CHAIRPERSON**:

May I just consult for a moment please.

**ADV POTGIETER**:

Is dit me Kruger.

**MS KRUGER**:

That's correct.

**ADV POTGIETER**:

All right - perhaps just for the record, you acting for General Smit.

**MS KRUGER**:

Correct I am the legal representative.

**ADV POTGIETER:**

And who is with you?

**MS KRUGER:**

That's also Mr Kruger from the same firm, we both from Kruger's Incorporated.

**ADV POTGIETER:**

Could you explain what you've got in mind.

**MS KRUGER:**

I just want to set the scene for my client's submission and the extend of the submission and just to put you in the picture with regard to my client's willingness to assist your Commission in it's objectives

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

Ja well we assume his presence - or we assume that he is willing to assist us, time is of the essence, I should imagine subject to what my colleagues say if it's a very-very brief statement it can't do any harm.

**MS KRUGER:**

It is brief.

**ADV POTGIETER:**

The point, however, is that the evidence will be that of your client who will be testifying under oath so that will take up the bulk of the proceedings today.

**MS KRUGER:**

My address in now way reflects on the evidence or the submission itself.

**ADV POTGIETER:**

All right well - well with that sort of assurance that it's a brief statement I can't see that it can do any harm, so I assume that my colleagues have no objection to that.

**CHAIRPERSON:**

Thank you very much will you proceed please.

**MS KRUGER:**

Thank you Mr Commissioner, from the outset I assure the Committee that my client supports the Truth and Reconciliation Commission and it's pursuit of national unity, the well-being of all South African citizens and peace which requires reconciliation between the people of South Africa.

My client has always been and is willing to assist the Truth and Reconciliation Committee and has gone to great lengths to ensure that the evidence he tenders today is comprehensive and complete. The detailed statement and Annexures thereto speak for themselves.

ARCHIVE FOR JUSTICE

To illustrate my client's willingness to assist the Commission our office immediately in the first media report suggested that the Commission was in the process of issuing a subpoena for my client, contacted Mr Mapoma of your office as long ago as 28 August '96. Mr Mapoma was advised that our client was overseas at the time and was requested to have any subpoena served on our office. He was furthermore requested that the date of any inquiry be pre arranged in view of a further overseas commitment of my client.

The fax was received the following day confirming that the request to have the subpoena served upon our office was forwarded to the investigative unit. Neither the notices were served at our office nor was the date pre arranged. As it happened to be my client was due to leave for Australia on the 16th of October to

attend an international police association conference as the South African president of the IPA and would have returned on the 30th of October. He never the less regarded the notice of the Commission in a very serious light immediately canceled his traveling arrangements and he never even contemplated requesting a postponement of this inquiry.

I am fully aware of your Mr Chaskalson's request of having an opportunity to peruse our client's written submission prior to this inquiry to facilitate the process. Our failure to furnish you with a statement prior to this morning then was no intentionally and were not trying to be obtrusive.

We were unfortunately just not in a position to comply with this request merely because it was only duplicated yesterday shortly before we left for Cape Town, signed 7 o'clock last night, after we made certain typing corrections. Since the services of the notices we have been working almost around the clock to get the written submission finalized and the Annexure sorted out. We have spent a lot of hours researching and preparing the submission.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

We will appreciate that our client is no longer in the police services which made it even more difficult to obtain all the necessary documentation's. A further complication was that the particulars to our request dated the 9th of October '96 was only received late on Friday afternoon the 18th of October '96, today a week ago.

We were only in a position to request the National Commissioner of the Police for information relating to those particulars on Monday morning first thing. The information received has been included in our submission.

We furthermore also took note of what the media had been reporting in respect of the amnesty applications of the five ex Security Force members, who's names appear in the letter dated the 21st of June '96, which forms the basis of one of the notices served on our client. However, we must emphasize that we have not had the opportunity of perusing their oral evidence or the evidence of General Van der Merwe, and have only taken note of what has been reported widely in the media.

As recent as two days ago, Wednesday morning we also had a meeting with Senior Superintendent Louw to verify certain aspects of our client's evidence. This is addressed in our client's submission.

You will appreciate that the documentation and Annexures are [indistinct] we decided rather to include than exclude documents. The submission will lead you through the relevant portions of the Annexures. Thank you.

**DR BORAINE**:

Thank you very much I note the comments that you have made in particular with regarding to the serving of the subpoena. And your request which was not fulfilled. I note also your willingness General Smit to cancel or postpone your visit to Australia and we are very grateful for that.

Having heard that, I would ask you now sir if you would proceed.

**GEN SMIT**:

Baie dankie ek doen so - my verklaring is voorberei in Afrikaans en ek gaan graag voort.

Ek, die ondergetekende

**Sebastian Jacobus Johannes Smit**

verklaar in die antwoorde op twee kennisgewings in terme van Artikel 29 van Wet 34/95, onderskeidelik gedateer 7 Oktober en 11 Oktober soos aangevul deur nadere besonderhede verskaf op 18 Oktober deur die Waarheid en Versoeningskommissie [hierna verwys as **WVK**] soos volg:.

Ek wil heel aan die begin sê:

1. Ek ondersteun die WVK in sy werksaamhede om rekonsiliasie en versoening te bewerkstellig en sal binne my vermoë behulpsaam wees sodat hierdie doelwitte bereik kan word.

2.1 Dit blyk volgens die skrywe van die WVK gedateer 18 Oktober dat die WVK onder die indruk verkeer dat die skrywe gedateer 21 Junie 1996 van die prokureursfirma Wagener, Muller en Du Plessis aan die WVK namens my geskryf is en dat ek oor eerstehandse kennis van die voorvalle daarin vermeld beskik - [Nr 1 - 21 van die kennisgewing gedateer 7 Oktober 1996]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**<u>AANHANGSEL A</u>**

**[Wat in werklikheid die skrywe is wat Mnr Wagener-hulle geskryf het en waar daar sekere aanhalings en stellings gemaak is. Ek sal later daarmee in detail handel]**

2.2 Ek was op geen stadium 'n kliënt van die prokureursfirma wat die brief geskryf het nie en het hulle ook nie opdrag gegee om namens my betrokke te raak in die onderhandelinge met die WVK vir amnestie nie. Ek het nooit aan

- Mnr Wagener

te kenne gegee dat ek kollektiewe verantwoordelikheid sal aanvaar vir enige van die voorvalle gemeld in die skrywe of eerstehandse kennis daaroor beskik nie. Die skrywers verwys na generaals wat kollektiewe verantwoordelikheid sal neem, maar kwalifiseer dit om die woorde **where applicable**. Sien die skrywe deur my prokureurs van rekord aan Wagener, Muller en Du Plessis gedateer 10 Oktober 1996.

**AANHANGSEL B**

**[As ek net daaruit mag aanhaal. Ons plaas op rekord dat my kliënt soos tereg uit die skrywe blyk, nie ten tye van die skrywe deur u verteenwoordig was nie en dat aangedui is dat alhoewel hy die kliënte in hulle aansoek om amnestie steun, in die lig van die beginsel van gelyke beregtiging, hy nie - u is ook deur ons kliënt meegedeel dat hy nie van voorneme is om amnestie aansoek te doen nie, vanweë die feit dat hy nie betrokke was by enige growwe menseregteskendings nie]**

3. Uit die staanspoor moet ek dit onomwonde stel dat ek nie menseregteskendings goedkeur of regverdig nie. As ek nou na die gebeure van die verlede moet oordeel, moet ek my spyt uitspreek dat dit ooit gebeur het.

Met die

- Kerkstraat bomontploffing op 20 Mei 1983

het ek die impak van terreur self beleef. Ek het die toneel as Distrik Speuroffisier bygewoon en met my aankoms op die toneel, enkele minute na die ontploffing, het van die slagoffers nog gebrand.

**[Die interessantheid was dat die Lugmag Hoofkantoor en my kantoor 'n blok uitmekaar uit was].**

4. Ek is genader om my steun toe te sê aan oud lede van die Veiligheidstak wat die WVK wou nader om amnestie. Geen besonderhede van voorvalle is aan my verstrek met betrekking tot die aard of omvang daarvan, of van die lede se betrokkenheid by voorvalle nie. Ek het my steun toegesê aan die lede om voor 'n dag te kom en die WVK te nader vir amnestie sodat die waarheid oor die verlede aan die lig kan kom. As 'n voormalige senior offisier van die SAP wou ek nie hê die lede moes voel dat hulle in die steek gelaat is waar hulle oortuig is dat hulle in landsbelang opgetree het nie. Ek moet uit die skrywe aflei dat die kliënte van Wagener, Muller en Du Plessis wel oor inligting met betrekking tot voorvalle vermeld beskik. Dit blyk ook uit die amnestie aansoeke van mnre:

- J Cronje,
- J Hechter,
- R Venter,
- Roelof Mentz
- P van Vuuren

by watter voorvalle hulle betrokke was en waarvoor hulle verantwoordelikheid neem.

**[Hierdie bovermelde persone as u sou terugverwys na die brief, die eerste brief wat geskryf is, is hulle name deel van die 22 wat aangedui het dat hulle amnestie sou aansoek doen. Ek wil net daai punt onderstreep].**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

5. Dit is steeds my oortuiging dat lede en voormalige lede van die Veiligheidsmagte aangemoedig moet word om hulle betrokkenheid by enige menseregteskendings te openbaar ten einde rekonsiliasie en versoening te kan bewerkstellig. Daar bestaan 'n persepsie onder die oud lede van die Veiligheidsmagte dat hulle alleen vervolg word vir dade van die verlede. Dit is 'n gemene saak dat daar oor die breë politieke spektrum van ons land menseregteskendings gepleeg is. Ten einde versoening te bewerkstellig moet daar gelyke beregtiging geskied.

**[Ek gaan oor na 'n ander gedeelte om u 'n agtergrond te gee oor my polisie loopbaan].**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

6. My getuienis moet verstaan word teen die agtergrond van my loopbaan van 39 jaar in die Suid-Afrikaanse Polisie waar ek slegs vir 'n tydperk van twee en 'n half jaar verbonde was aan Veiligheids Hoofkantoor.

6.1 Ek het op 27 Januarie 1955 by die SAP aangesluit en is 'n jaar later vanaf die Uniformafdeling oorgeplaas na die Speurtak waar ek bykans tien jaar as 'n onder-offisier gedien het.

6.2 Op 1 Desember 1965 is ek bevorder tot offisier na die Suid-Afrikaanse Polisie terwyl ek destyds by die Intelligensie-eenheid gestasioneer was. Op my versoek is ek weer terugverplaas na die Speurafdeling.

6.3 Op 4 Januarie aanvaar ek diens by die Durban Speurtak en word op

1 Januarie 1968 verplaas na Durban-Suid Speurtak.

6.4 Op 1 Augustus 1969 word ek bevorder tot die rang van Kaptein en aangestel as die Distrik Speuroffisisier van die Durban-Suid Speurtak.

6.5 Op 1 Januarie 1972 word ek verplaas na die Dwelm-eenheid in Durban en aangestel as die bevelvoerder. Ek word op 1 November 1973 bevorder tot Majoor. Ten tye van my bevel van die Dwelm-eenheid doen ek 'n voorstel dat die Dwelm-eenheid op 'n nasionale grondslag georganiseer moet word wat tot die gevolg het dat die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro [SANAB] gestig word. Ek ontvang ook later 'n ere toekenning van die Suid-Afrikaanse Raad vir Alkolisme vir my bydrae om dwelmmisbruik te bekamp.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6.6 Op 5 September 1978 word ek verplaas na die Speurafdeling te Pretoria Hoofkantoor as Bevelvoerder van SANAB landswyd en word op 1 Oktober 1978 bevorder tot Luitenant Kolonel.

**[Ek het die pos van 'n Brigadier op daai tyd oorgeneem].**

Die eerste paar maande is ek dan ook betrokke met die ondersoek teen polisiebeamptes van die Dranktak, John Vorster.

**[Dit was 'n korrupsie ondersoek].**

Op 1 Desember 1981 word ek bevorder tot die rang van Kolonel. Ek ontvang 'n toekenning van die **Motion Picture Association van Amerika** vir my bydrae in die bekamping van die skending van kopiereg.

6.7 Op 3 Januarie 1983 word ek verplaas na Pretoria as die Distrik

Speuroffisier en neem ook waar as die Distriks Kommandement vir 'n kort periode om probleme wat in die distrik ondervind word, op te los.

6.8 Op 31 Maart 1984 word ek aangestel as Adjunk Afdeling Speuroffisier vir die afdeling Noord Transvaal. Ek word op 1 April 1985 bevorder tot die rang van Brigadier.

6.9 Op 28 Junie 1985 word ek terugverplaas na die Speurafdeling te Hoofkantoor as die oorhoofse bevelvoerder landwyd van die spesiale misdaad eenhede, naamlik die Veediefstal-eenheid wat ek herstruktureer in 1985, die Moord en Roof-eenheid en SANAB. Ek stig ook die Voertuigdiefstal-eenheid op 29 Oktober 1968. Op 30 September 1988 ontvang ek 'n aanprysing van die Minister van Wet en Orde, daarvoor asook 'n toekenning van die Versekeraars Assosiasie van Suid-Afrika, ter erkenning van my bydrae in die bekamping van voertuigdiefstal.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6.10 Gedurende my loopbaan in die Speurafdeling was ek beskou as 'n spesialis ondersoeker en dikwels getaak om verskeie moeilike, sensitiewe en spesiale kriminele ondersoeke te doen. Van die ondersoeke was teen lede van die SAP en ek het nooit geskroom om korrupsie of oneerlike optrede van polisielede aan die kaak te stel nie. Die ondersoeke het onder meer die volgende ingesluit.

- Ondersoek teen Kaptein Andre Stander
- Ondersoek teen Kaptein Jack le Grange
- Ondersoek teen Robert van der Merwe

**[Daar is vele ander, maar ek haal dit enkel as 'n voorbeeld aan].**

6.11.10 Op 1 Januarie 1988 word ek verplaas na die Veiligheidstak afdeling as Bevelvoerder van die Noord Transvaalse Veiligheidstak. Hierdie verplasing geskied as gevolg van die feit dat ek gedurende 1987 'n Senior Bestuurkursus bygewoon het waar ek die toekenning as beste kandidaat ontvang het. Ek is deur die voormalige Speurhoof

- Luitenant Generaal SH Schutte

ingelig dat vanweë my bestuursvaardighede ek na die Veiligheidstak Afdeling oorgeplaas word. Tot op daardie stadium het ek nog nooit enige grensopleiding gedoen, op enige grensposte of in die voormalige Suidwes Afrika diens verrig nie. Alhoewel ek vroeër in my loopbaan genomineer was om grensopleiding te ondergaan was my seniors nooit bereid om my af te staan om die kursus by te woon nie vanweë die ondersoeke waarmee ek besig was. Sedert 1956, vir 32 jaar, was ek in die Speurafdeling gemoeid met feite en die ondersoek van feitebewerings. Die verplasing na die Veiligheidstak Afdeling was vreemd en totaal nuut omdat die Afdeling met ideologië gewerk het en gerig was op die insameling en evaluering van inligting gemik op die bedreiging en omverwerping van die Staat.

6.11.2 Met my oorname van bevel van die Noord-Transvaalse Veiligheidstak was

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Kolonel M Ras

my adjunk. Ek was slegs vir 'n periode van nege maande tot 30 September 1988 verbonde aan die Noord Transvaalse tak om ondervinding op te doen.

Reeds vóor my verplasing is ek meegedeel dat ek slegs vir 'n kort tydperk daar sou bly aangesien die topbestuur my wou aanwend by Veiligheidstak Hoofkantoor.

In die lig van my kortstondige verblyf en

- Kolonel Ras

se ondervinding was ek tot 'n groot mate op hom aangewese met die uitvoering van die dag tot dag take.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6.11.3 Ek het personeelkennis as 'n voorvereiste vir bestuur gesien en my daarop toegespits om kontak te maak met die lede in die streek. Die streek is vanuit kantore in Pretoria bedryf met kantore in Bronkhorstpruit, Brits en Kwa-Ndebele. Ek het ondervind dat die lede verbonde aan die streek redelik jonk en onvervare is en het opleiding belangrik geag. Opleiding is dan ook verskaf deur kundiges.

6.11.4 Alhoewel ek die bevel van die Spesialis-eenhede reeds oorgegee het, het ek steeds in Februarie 1988 'n internasionale dwelmkongres bygewoon om my opvolger by te staan.

6.12 Op 1 0ktober 1988 is ek bevorder tot die rang van Generaal Majoor. Ek

is verplaas na die Veiligheidstak Hoofkantoor in beheer van Uitvoerende Dienste onder die bestuur van

•Generaal J V van der Merwe

[voormalige Veiligheidstak Bevelvoerder] vanweë die feit dat ek 'n Luitenant Generaals pos beklee het. Ek was baie afhanklik van sy leiding ten aansien van die bestuur van die afdeling vanweë my gebrek aan ervaring van die Veiligheids milieu.

**[Dit is nie in die rekord nie, maar die dag toe ek ingestap het was die eerste dag toe ek in Veiligheidstak Hoofkantoor ingekom het, ek het nooit vantevore in Veiligheidstak Hoofkantoor gewerk nie].**

Ek het myself in 'n oorgangstydperk bevind en vir 'n paar maande tot 'n groot mate sy aan sy met

•Generaal Van der Merwe

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

gewerk om die afdeling en sy werksaamhede te leer ken. Ek was in 'n nuwe omgewing met nuwe personeel as 'n buitestaander en het daarom geen vertrouensbasis in die struktuur gehad nie. Ten tye van my aanstelling is die senior bestuur van die Veiligheidstak Afdeling, ervare Veiligheidstak Offisiere wat my seniors was naamlik:

•Luitenant Generaal Malan

•Wyle Luitenant Generaal Joubert

•Generaal Majoor Stadler

weg verplaas na ander afdelings in die SAP. Die bevelvoerders van groepe C en D van die Veiligheidstak Afdeling, almal ervare Veiligheidslede:

•Brigadier Schoon

•Brigadier Stadler, wat later opgevolg is deur

•Brigadier Gerhard Erasmus

was ook my seniors tot voor my bevordering.

**[Ek sluit net Gerhard Erasmus uit].**

Ek is net bevorder as 'n Generaal en ek het ingestap in 'n bestaande, gevestigde stelsel wat ek moes bestuur sonder werklike in diepte kennis van die werksaamhede van die afdeling.

<u>AANHANGSEL C</u>

**[Daar is 'n Bylae tot u dokumente, ek is jammer dat almal nie het nie, dit gee net 'n aanduiding van die organigram hoe die bestuur daaruit, uitgesien het. Dit is net ter inligting - dit beïnvloed nie die getuienis of die voorlegging nie. Maar die dokumente is beskikbaar].**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6.13 Op 1 November 1988, 'n maand later word

- Generaal Majoor Louw Erasmus

'n voormalige senior wat reeds deel was van die Veiligheidstak Afdeling, aangestel as my adjunk om my behulpsaam te wees met die uitvoering van my taak.

**[Hy was baie-baie jare lank 'n lid van die Veiligheidstak, die besondere Generaal Erasmus]**

<u>AANHANGSEL D</u>

**[U sal dit ook op die Aanhaling sien as u dit wil volg].**

6.14.1 Met my aanstelling neem ek beheer van al die Veiligheidstakke landwyd asook Groepe C en D. Dit neem tyd om die omvang van die Afdeling se werksaamhede te verstaan.

**[Ek wil dit net beklemtoon eers te verstaan].**

Die personeel en organisasie te leer ken en agter te kom hoe die afdeling

landwyd funksioneer. 'n Groot deel van my taak is om leeswerk te doen om onder die indruk van die aanslae teen die Staat te kom.

6.14.2 'n Belangrike deel van my funksie in 1989 is my aanstelling op die **Namibian - Angolan Joint Monitoring Commission.**

**[Dit was 'n kommitee wat saamgestel was deur Buitelandse Sake vele ander rolspelers asook van Namibië en Angola om die Veiligheid situasie te monitor]**

Wat gemoeid is met die onafhanklikwording van die destydse Suidwes Afrika. Ek woon verskeie konferensies in Suid-Afrika, Angola en Kuba by ter voorbereiding van die onafhanklikheid wat baie tyd en aandag verg en wat 'n hoë prioriteit saak vir die destydse regering was.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6.15.1 Gedurende 1989 word onthullings deur

- Alfred Nofomela
- Dirk Coetzee

gemaak met betrekking tot die bedrywighede van Vlakplaas. Die beweringe het gehandel oor aangeleenthede wat plaasgevind het voordat ek verbonde was aan die Veiligheidstak Afdeling. Die beweringe is deur

- Advokaat Tim McNally

ondersoek en bygestaan deur

- Luitenant Generaal Conradie

Ek het nooit betrokke geraak by die ondersoek nie en was nooit in enige gesprekke met die ondersoekspan gewees nie.

6.15.2 Na aanleiding van die ondersoek van

- Advokaat McNally

word die Harms Kommissie van ondersoek ingestel na die bewering van moordbendes. Ek het kennis geneem van die beweringe en was tevrede dat die Kommissie die saak na behore sou ondersoek. Ek was geensins betrokke by die werksaamhede van die Kommissie of die ondersoek na die beweringe nie. Ek is meegedeel deur my regsverteenwoordiger dat

- Advokaat Du Toit

van die Transvaalse Prokureur-Generaal kantoor op 11 Oktober 1996 aangedui het dat die dokumente van die Harms Kommissie oorgeplaas is na die Staatsargief in Kaapstad vir die gebruik van die WVK. Ek handel derhalwe nie volledig daarmee nie en verwys u na die dokumente en verslag van die Kommissie.

6.16 Op 1 Januarie 1990 word ek bevorder tot Luitenant Generaal en neem ek oorhoofse bevel van die Veiligheidstak.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**[Tot op daai datum was ek 'n Generaal Majoor, die pos was 'n Luitenant Generaal, en Generaal Van der Merwe was toe nog in beheer en bevel]**

Ek word bygestaan deur

- Adjunk-hoof Generaal Majoor Viljoen
- Generaal Majoor Beukes.

**[Bylae F gee u 'n waardering van hoe die struktuur daarna uitsien - Bylae E]**

Met my aanstelling is die tafel reeds gedek vir die ontbanning van die ANC en ander verbode organisasies. Voor die vrylating van

- Mnr Mandela **[met verskoning President Mandela]**

  was ek, in opdrag van die Kabinet, saam met die voormalige

- Kommissaris Generaal J V van der Merwe

  in gesprek met

- President Mandela.

Die ANC word dan ook op 2 Februarie 1990 ontban en kort daarna word Mnr Mandela vrygelaat uit aanhouding. Ek word daarna aangestel as lid van die **Steering Committee** wat in onderhandelinge betrokke raak met die ANC ter voorbereiding van die Groote Schuur Beraad. Die kommitee bestaan uit:

- Myself
- Mnr Mike Louw van Nasionale Intelligensie
- Mnr Fanie van der Merwe van Staatkundige Ontwikkeling
- Mnr Jacob Zuma
- Mnr Matthews Phosa

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Mnr P Maduna van die ANC.

**[Verskeie vergaderings was voor die tyd gehou, ek was behulpsaam om die lede wat toe nog in Lusaka was op die lughawe te ontmoet en te neem waar privaatgesprekke gevoer was vir die voorbereiding van die Groote Schuur Beraad]**

Ek woon die Groote Schuur Beraad op 2 - 5 Mei 1990 by. Ek word voortspruitend uit die Beraad aangestel as lid van 'n subkommitee tussen lede van die ANC en lede van die Veiligheidstak Afdeling van die SAP. Die funksie van hierdie kommitee is om die doelstellings van paragraaf 5 van die Minuut te implementeer wat soos volg lees:

**Efficient channels of communication between the Government and the ANC will be established in order to curb violence and intimidation from whatever quarter effectively.**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek woon ook die opvolgberaad, die Pretoria Beraad, op 6 Augustus 1990, by. Die volgende dag vergesel ek

- President Mandela

ook op 'n besoek aan

- Mnr Mac Maharaj

na sy inhegtenisneming op grond van sy beweerde betrokkenheid by

- Operasie Vula

Ek is nou betrokke met die proses van verandering en het my heelhartige steun daaraan toegesê.

<u>**AANHANGSEL E**</u>

6.17 Na evaluering van die Veiligheidstak na 9 maande besef ek dat die afdeling nie bestuurbaar is sonder bestuurslinligting nie en word die volgende veranderinge op 1 0ktober 1990 geïmplementeer **[bls F]**

- 'n Verdere buitestaander en kundige
- Generaal Majoor A Pruis

word vanaf die Minister se kantoor gewerf om betrokke te wees met vertolking, beplanning en voorligting.

**[Generaal Pruis was nie 'n tradisionele polisiebeampte nie. Hy het uit die Akademie uitgekom, die veranderingsproses het baie uitdagings en hy word tot my kundigheid bygevoeg].**

- 'n Interne ouditafdeling word geskep en
- Kaptein Louis Meiring

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

word van buite die Veiligheidstak Afdeling van die Finansiële Afdeling gewerf. Die maatreël is addisioneel tot die twee persone wat vanaf die Ouditeur Generaal se kantoor op 'n deurlopende basis die Spesiale rekening oudit.

- Die Inspektoraat onder bevel van
  Brigadier J H le Roux

word uitgebrei om my te adviseer met betrekking tot die administrasie van Veiligheidstakke landwyd.

**[Deels as gevolg van 'n totaal nuwe veranderde omstandighede]**

**<u>AANHANGSEL F</u>**

6.18.1 Met die politieke veranderinge in die land het die Veiligheidspolisie 'n totale paradigmaskuif ondergaan.

**[Ek het 'n kantlyn nota gemaak, onsekerheid, vrese by feitlik elke lid]**

In die lig van die geskiedenis van 'n totale aanslag wat beveg moes word was die skuif vir baie lede, en veral lede wat so nou betrokke was in die stryd, baie moeilik gewees. Dit was een van my belangrikste take as Bevelvoerder om die manskappe te motiveer. Ek het deurgaans die verandering as positief voorgehou en die lede ook so gemotiveer dat hulle hulself as deel van die Nuwe Suid-Afrika moes sien en daarvoor beywer.

6.18.2 Ek verwys in die verband na enkele toesprake wat ek gehou het gedurende die periode Januarie 1991 tot Februarie 1993 wat in besonder verband gehou het met die proses van Staatkundige verandering en die herstrukturering van die SAP. In die toesprake word deurlopend klem gelê op die aanvaarding van die proses van verandering, die positiewe motivering en benutting van personeel, die behoud van onpartydige polisiëring en die vestiging van polisie-gemeenskapsverhoudinge.

My gesindheid ter ondersteuning van die proses van verandering word duidelik weerspieël daarin.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**DR BORAINE**:

Sorry could I just interrupt you for a moment - I am not sure what the - **ek kan nie hoor nie jammer kom nader asseblief**. **Nee ek is** - I am terribly sorry, please tell her that I can't see her - I apologize for the interruption, please continue.

**GEN SMIT**:

Baie dankie, met u toestemming wil ek - kan ek voortgaan. Met u toestemming wil ek net enkele paragrawe - ek gaan beslis nie al die feite vir u aanhaal nie, maar ek wil baie graag **BYLAE 2** van **G2** - net twee paragrawe aanhaal.

**AANHANGSEL 61 - G6**

**[Die beplanningsvergadering waarmee ons vandag en môre besig sal wees, verteenwoordig die grootste geleentheid - dit stel ons in staat om die grondslag vir 'n nuwe era in die geskiedenis van die Suid-Afrikaans Polisie te lê. Derhalwe moet u, uself sien as baanbrekers, as die outeurs van 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van die Mag.**

**Met die kennis wat ek van u het, weet ek dat hierdie stuk geskiedenis en nadat dit deur die eise van die toekoms geweeg en ge-evalueer is, nie te lig gevind sal word nie, en ek is oortuig dat dit bekend sal staan as 'n gebeurtenis, nie net tot voordeel van die mag nie, maar tot voordeel van die huidige Speurtak en die Veiligheidstakke in elke streek.**

**Ek wil verder gaan - verder sê ek dit is egter noodsaaklik dat ons groter sal dink, dat ons 'n breër alomvattende visie sal openbaar. Dat ons sal bepaal hoe die besluite wat ons oor die volgende twee dae neem, tot voordeel van Suid-Afrika en al sy mense sal wees. Dit is 'n vraag waarmee ons, ons moet besig hou en ek is oortuig dat ons oor die insig sal beskik om nie alleen die uitdagings wat voor ons lê nie, te aanvaar nie, maar ook die aanhoor bied op talle vrae waarmee elkeen ene moontlik worstel.**

**Ten einde die antwoord hierop te verskaf, is dit noodsaaklik om terug te voer na die Staatspresident se toespraak op 2 Februarie verlede jaar. Dit**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**het aanleiding gegee dat talle veranderings op ons land - politiek, maatskaplik, sosiaal en vele ander terreine. Ook die Suid-Afrikaanse Polisie kan nie die gevolge van hierdie nuwe inisiatiewe vryspring nie. Hierdie aspek word dan ook pertinent**

**deur die Minister van Wet en Orde aangespreek in sy verklaring op Februarie 28.**

**Ek wil nie verder aangaan, maar ek net die volgende bladsy net 'n enkele sin aanhaal. Verandering, hervorming en vernuwing in Suid-Afrika hou verband met die normalisering van verskeie lewensterreine. Die doelwitte van hierdie proses is duidelik deur die Staatspresident uitgespel in sy verwysing nasionale waardes en strewes waaraan die toekomstige Suid-Afrika moet voldoen.**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**'n Regverdige Suid-Afrika wat deur vrede, voorspoed, vooruitgang en verteenwoordiging van almal gekenmerk sal word.**

**Ek wil een opmerking maak net uit die vuis uit, ek het in een van die toesprake melding gemaak - gister se vyande is vandag se onderhandelaars. Dit is ook deel van die toesprake.**

**Ek gaan aan na 'n nuwe fase van die bestel.**

**AANHANGSEL G1 - G6**

6.19 Ek is ook instrumenteel tot die skepping van die Misdaadbestryding en

Ondersoek Afdeling [MBO] wat op 1 April 1991 bestaande uit die Misdaadinligtingsdiens [samevoeging van die ou Veiligheids- en Speurafdeling], die Kriminelerekordsentrum en die

Forensiesewetenskaplaboratorium en word ek aangestel as die eerste Bevelvoerder van die MBO. Die rede vir hierdie verandering hang nou saam met die veranderde politiek van die land. Misdaad vier hoogty terwyl aanvalle teen die staat verminder as gevolg van die politieke veranderinge. Die fokus word gevestig op die ondersoek van misdaad en die werksaamhede behels:

•die doeltreffende bestuur van inligting;

•die ondersoek van misdaad en enige beweerde misdaad

•die lewering van forensiesewetenskap-ondersoekdiens

•die bestuur van rekords van misdadigers.

Sien die organigram van die Afdeling MBO

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**[En sonder om klem daarop te oordryf, het ek op daai stadium 'n geweldige groot verantwoordelikheid op my skouers gekry om die hele Speurtak, al sy vertakkinge en alles wat gegaan het om misdaad en die bestryding van misdaad oor te neem, ter herorganiseer, en te [onduidelik] en ook in die proses van verandering, mense te bestuur].**

**AANHANGSEL H**

6.20 My kennis en ervaring van misdaadbestryding kom weer tot sy reg en ek haal aan uit 'n skrywe van

- Regter Andrew Wilson

gedateer 4 Maart 1991:

**I am very pleased to learn that you have now been brought back to your proper job- the prevention and detection of crime. I think there is nobody better suited to take over this new division and I**

**wish you every success.**

**AANHANGSEL I**

**[Aanhangsel I is die skrywe van Sy Edele die Regter]**

6.21 Ek reël ook op 26 Junie 1991 die eerste konferensie van die nuutgestigte MBO met die privaatsektor.

**[Die tema is vennootskap polisiëring - die dokument spreek vanself. Ek het op daardie stadium alreeds besef dat die stryd teen misdaad verlore sal gaan en dit is die inisiatief wat ek geneem het kort na ek die omstandighede hier verander het om vennootskap polisiëring as 'n agenda punt op Suid-Afrika se misdaad geskiedenis te plaas. Ek kan net sê dit was my eie inisiatief].**

**AANHANGSEL J**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6.22 In 1992 stig ek 'n nuwe eenheid, naamlik die Georganiseerde Misdaad Eenheid wat ten doel het om misdaadsindikate te infiltreer.

**[As ek my mag onderbreek my indruk was dat gewone misdaad polisieëring nie voldoende is as daar nie infiltreering tot sindikate is om tot die werklike kern van die probleem deur te dring nie]**

6.23 Ek word ook aangestel as lid van die Polisieraad en is gemoeid met die herstrukturering van die SAP en die daarstelling van 'n strategiese plan. Gesien in die lig van die politiese veranderinge het ek en die huidige Nasionale Kommmissaris,

- Kommissaris Fivaz

dan ook gesprek gevoer met

- Mnr Zuma
- Mnr Phosa

van die ANC oor die toekomstige Polisiediens.

6.24 Op 1 Januarie 1993 word ek aangestel as Adjunk-Kommissaris [Uitvoerend] en op 1 November 1993 Adjunk - Kommissaris [Administrasie]. My spesifieke pligte en verantwoordelikhede blyk uit my aanstellingsbrief. Die konferensie met die privaatsektor het aanleiding gegee tot die Nasionale Misdaadbestrydingsraad wat in 1993 amptelik in werking gestel is.

**AANHANGSEL K**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

6.25 Met die sluipmoord van wyle

- Mnr Chris Hani

het ek besef dat die misdaad 'n politieke misdaad was en het ek

- Mnr Matthews Phosa

onmiddelik daarvan ingelig.

**[Ek wil eintlik sê voordat enige iemand bewus was, was hy alreeds deur my in kennis gestel]**

Ons was deurlopend in kontak oor die ondersoek en na samesprekinge het ek en

- Mnr Phosa

aan die

- Prokureur Generaal Mnr K von Lieres und Wilkau

voorgestel dat buitelandse deskundige ondersoekbeamptes genader moes word om deel te vorm van die ondersoekspan. Ooreenkoms is dan ook later met die ANC bereik in terme waarvan

- Kommandeur George Churchill- Coleman

van Scotland Yard en

- Dr Ralf Krüger

van Duitsland op die span aangestel was. Dit was vir my belangrik dat die onderhandelinge wat op 'n baie sensitiewe stadium was nie negatief beïnvloed word nie.

7.1. As 'n hervormer en skepper sou ek graag deel wou wees van die nuwe

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SAPD aangesien ek deel was van die proses van hervorming wat ek steeds ondersteun. My aftrede met pensioen uit die SAP op 31 Mei 1994 het gevolg op die verslag van

- Regter Goldstone

gedateer 18 Maart 1994. Ek het nie my weg oopgesien om aan te bly in die Polisie terwyl die ernstige bewering wat gemaak is in die verslag soos 'n wolk oor my gehang het nie. Ten spyte van die versekering wat deur die destydse

- Staatspresident Mnr F W De Klerk

gegee is dat die aangeleentheid prioriteit aandag sou kry, vinnig ondersoek en afgehandel sou word is ek tot op datum nog nooit

**[Ek herhaal nog nooit]**

deur enige ondersoekspan gekonfronteer oor enige bewearinge of gevra om 'n verklaring af te lê nie.

**[Die Staatspresident van destyds het 'n ondersoek/belofte gemaak dat dit binne 14 dae - en sy Edele die Regter President van die Konstisionele Hof was ook deel van die ondersoekspan en dit is tans twee en 'n half jaar later en daar is nog nooit ooit aan my enige stelling gemaak waarop ek kan of wou reageer nie]**

7.2 In die lig daarvan dat die verslag van die Goldstone Kommissie en die daaropvolgende sensasionele beriggewing van die media die indruk gelaat het dat ek aan die bevel sou staan van Derdemag bedrywighede gemik op die destabilisering van die land lewer ek kortliks kommentaar daarop.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL L**

7.2.1 Ek het op Woensdag 16 Maart 1994 voor die Goldstone Kommissie verskyn nadat daar onthullings deur

- Generaal Holomisa

gemaak is op 14 Maart 1994 en spekulatiewe beriggewing verskyn het

oor die **Second in command**, 'n lid van die Staatsveiligheidsraad [wat ek nooit was nie] wat betrokke sou wees in 'n aantal ongerymdhede wat ingesluit het trein- en hostelgeweld en die verskaffing van wapens

aan Inkatha. My verskyning voor die Kommissie, soos duidelik blyk

uit die transkripsie van die oorkonde, was as gevolg van 'n versoek

van

die voormalige

- Kommissaris Generaal J V van der Merwe

Die Kommissie was klaarblyklik nooit van voorneme om my die geleentheid te gun om te antwoord op beweringe nie. Ek is geensins vooraf ingelig waaroor ek ondervra sou word nie en het 'n baie kort kennisgewing, minder as 24 uur, gekry dat ek moes verskyn.

Die wyse waarop die ondervraging geskied het blyk duidelik uit die oorkonde. Ek is nooit gekonfronteer met detail soos 'n datum, tyd of plek waar ek opdrag sou gee vir die organisering van trein of hostel geweld nie. Ek is **nooit** gekonfronteer oor enige bewerings met betrekking tot die verskaffing of vervaardiging van wapens nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL M**

**[Glo ek is ook in die Kommissie se besit, maar hy is weer aangehaal, dit is die Goldstone verslag van daai tyd]**

7.2.2 Ek het onmiddelik na afloop van die ondervraging, sonder dat die oorkonde van die verrigtinge tot my beskikking was, 'n verklaring opgestel vir oorhandiging aan die destydse Staatspresident.

Uit die aanhangsels tot my verklaring blyk dit duidelik dat die getuienis oor spesifieke aangeleenthede waarmee ek gekonfronteer is van alle waarheid ontbloot was:

**[Ek is nie van plan om in detail die Kommissie se tyd daarmee op te neem nie, maar ek gaan kortliks daarmee handel. Daar is 'n bewering deur die**

Kommissie dat ek by die Riaan Stander se ondersoek sou betrokke gewees het. Die volledige dokumente is beskikbaar. Ek was nooit betrokke nie - die feite van die ondersoek spreek vanself, die Handelstak het dit ondersoek. Die Handelstak het ook 'n tweede ondersoekbeamtpe om die vuurwapen aangeleentheid te ondersoek. Die verslag spreek vanself dat nerens word daar ooit na my in die verslag verwys nie.

Die tweede bewering dat ek 'n buitelandse reis om 'n saak verder te ondersoek, afgekeur het, dit is van alle waarheid ontbloot. In werklikheid is dit goedgekeur, dit is aanbeveel deur Generaal Nel van die Handelstak. Dit is goedgekeur deur die Kommissaris, ek het dit nooit onder oog gehad nie, ek kan een afleiding maak dat dit 'n skinderstorie was, wat ook op die tafel van die Kommissie geland het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die bewering dat Kolonel De Kock betaal is om stil te bly, is ook van alle waarheid [onduidelik] ek het onmiddellik aan die Kommissie my indruk gegee hoe die stelsel werk en aangebied om die Memorandum tot hulle beskikking te stel, dit is nie deel van die verklaring nie, maar net vir volledigheid. Die afleggingspakket is gehanteer deur Generaal Engelbrecht, Generaal Viljoen, die Ouditeur-Generaal se kantoor en Generaal Van der Merwe. Ek persoonlik was nooit daarby betrokke nie. ... einde van Band 1, Kant 1 ...

Dat ek 'n ondersoek na Luitenant Piet Botha sou getermineer het, geen feite wat ek sou gedoen het, wanneer ek sou gedoen het, is aan my ooit geopenbaar nie. Volgens my kennis is die saak behoorlik ondersoek].

- Bewering deur die Kommissie dat ek by die

- Riaan Stander

ondersoek betrokke sou wees

- Bewering dat ek 'n buitelandse reis om 'n saak verder te ondersoek afgekeur het
- Bewering dat
- Kolonel De Kock

betaal is deur die SAP om stil te bly

- Bewering dat ek die ondersoek na
- Luitenant Piet Botha sou getermineer het

**AANHANGSEL N**

7.2.3 Ek het onmiddelik net na my verskyning voor die Kommissie die Kommissaris van Polisie gevra dat die Minister van Wet en Orde aandring daarop dat

- Regter Goldstone

'n volledige openbare ondersoek hou na alle beweringe alvorens hy verslag doen. So 'n versoek is dan ook deur die Minister aan die destydse Staatspresident gerig op 17 Maart 1994. Ek wou graag die geleentheid gehad het om die presiese bewerings teen my te laat ondersoek, my saak behoorlik te stel en die getuienis waarop dit gebaseer is te toets. Indien die Goldstone verslag en die getuienis wat later gelewer is deur

- Mnr Q

in die verhoor van

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Kolonel De Kock

vergelyk word is die rede vir my versoek voor die handliggend.

**[Ek gaan myself in die rede val Q het feitlik elke bewering wat gemaak is, absoluut ontken en ek sal in verder detail daarmee handel].**

My loopbaan is vernietig as gevolg van ongetoetse getuienis en wat dit nog meer skokkend maak is dat

- Mnr Q

ontken het dat hy die beweringe gemaak het. Daar word in paragraaf 6.2.5 hiermee gehandel.

**AANHANGSEL O**

7.2.4. Die **enigste** beweringe ten aansien van my betrokkenheid by geweld en

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

die verskaffing van wapens in die Goldstone verslag **Aanhangsel L** is

op p2 waar beweer word dat

- Mnr Q [ Chappies Klopper]

tydens sy eerste ontmoeting aan die Kommissie inligting bekend gemaak het dat:

**Unit C1 at Vlakplaas (later Unit C 10) under the command of**

- **Colonel Eugene de Kock**

**was involved from 1989 in violence aimed at the destabilisation of South Africa. It was involved, inter aria, in the organisation of train violence and hostel violence. The operations were under the command of:**

- **Lieutenant-General Basie Smit**

  **now Deputy Commissioner of the SAP**

- **Major-General Krappies Engelbrecht**

  **now head of the Department of Counter Intelligence of the SAP**

- **Lieutenant-General Johan le Roux**

**had full knowledge of, and was involved in these activities.**

En verder in die verslag op p12 word daar na 'n Memorandum verwys wat opgestel is deur die Ondersoekbeamptes:

- Majoor Du Plessis
- Majoor Van Vuuren

gebaseer, na bewering, op inligting verskaf deur

- Mnr Q,

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

wat die volgende aandui:

**The project which led to the manufacture of guns was initiated by:**

- **Generals Basie Smit**
- **Krappies Engelbrecht**

**with the support of the Inkatha leaders referred to earlier for the purpose of orchestrating violence, This also involved crash-course training to IFP members in the use of weapons and hand grenades**

7.2.5 Hierdie beweringe word ontken en is van alle waarheid ontbloot.

7.2.6 In die saak teen

- Kolonel De Kock

[wat voortgespruit het uit die verslag] gedurende die kruisondervraging van

- Mnr Klopper [Mnr Q]

ontken die getuie dat hy enigsins die beweringe gemeld in paragraaf 7.2.4 aan die Kommissie gemaak het. Op p 1705 word die volgende stellings aan

- Mnr Klopper [Mnr Q]

gemaak en sy antwoorde daarop:

**Vraag:**

**Maar het u vir hom inligting gegee tot die strekking dat hierdie operasie, hierdie trein- en hostelgeweld onder die bevel van**

- **Luitenant-Generaal Smit**

**plaasgevind het?**

**Antwoord:**

**Nee**

**Vraag:**

**Die strekking daarvan is dat**

- **Generaal Smit**

**in bevel was van die trein -en hostelgeweld ?**

**Antwoord:**

**Nee**

**Vraag:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**Dit het u nie gesê nie?**

**<u>Antwoord</u>**

**Nee**

**<u>Vraag</u>:**

**Het u gesê dat die trein-en hostelgeweld onder die bevel, op bevel en onder die opdrag van**

- **Smit**
- **Engelbrecht**

**geskied het?**

**<u>Antwoord</u>**

**Nee, Edele.**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**<u>Vraag</u>:**

**Weer eens het u nie die inligting gegee nie?**

**<u>Antwoord</u>**

**Dit is korrek.**

Op p 1712 word die tweede bewering behandel:

**<u>Vraag</u>**

**Weer eens, het u vir hulle gesê dat hierdie projek, die vervaardiging van wapens, geïnisieer of van stapel gestuur is deur generaals**

- **Smit**
- **Engelbrecht?**

**<u>Antwoord</u>**

**Nee.**

**<u>Vraag</u>**

**En dat hulle dit gedoen het met die ondersteuning van die**

- **Inkatha-leiers**

**na verwys hierbo. Dit is nou:**

- **Themba Khoza**
- **Victor of Humprey Ndlovu**

**ek is nie seker watter ene nie ?**

**<u>Antwoord</u>**

**Nee, ek het nie van die generaals daar gepraat nie.**

**<u>AANHANGSEL P</u>**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

7.2.7 Die bewering van betrokkenheid by treingeweld is absurd. Benewens

dit verwys ek graag na 'n interne Memorandum gedateer 24 Julie 1992 waaruit dit blyk dat ek opdrag gegee het vir 'n gesamentlike treingeweld koördinerings sentrum vir die streke Witwatersrand, wat op 6 Julie 1992 operasioneel in bedryf gekom het. Paragraaf 5 van die memorandum bevestig die sukses van die eenheid en lees soos volg:

**Die vestiging van hierdie drie komponente in dieselfde gebou op dieselfde vloer, het tot gevolg 'n suksesvolle interaksie, wat reeds vrugte afgewerp het, deurdat treingeweld vir die maand Julie 1992 teenoor Junie 1992 in die streke Witwatersrand en Soweto reeds met 54% afgeneem het.**

**[Is dit geleë dat ek kan voortgaan - goed - ek wil nou graag handel met die Kennisgewing van 11 Oktober, beter bekend as die Trust Feed aangeleentheid].**

**<u>AANHANGSEL Q</u>**

8 **Getuienis in antwoord op die kennisgewing gedateer 11 Oktober 1996**

Ek het op 14 Oktober 1996 'n versoek aan die Nasionale Kommissaris gerig om my van inligting met betrekking tot die voorvalle deur u vermeld in die kennisgewing te verskaf.

Die dokumente wat aan my beskikbaar gestel is word hierby aangeheg. Indien daar verdere dokumentasie bestaan en dit aan my beskikbaar gestel word mag dit wel moontlik wees dat ek ampshalwe van meer detail kon kennis geneem het uit amptelike dokumente.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek kwalifiseer derhalwe my getuienis dat hierdie getuienis beperk is tot dit wat ek onafhanklik kan onthou en uit die aanhangsels blyk. Indien my geheue verfris word uit ander dokumente kan ek moontlik verdere getuienis lewer.

8.1. **Die ondersoek van die SAP na die moord op 11 persone in die Trust Feed Nedersetting in die distrik van Hanover op 2/3 Desember 1988.**

8.1.1 Gedurende 1989, terwyl ek by Veiligheidstak Hoofkantoor was het:

- Brigadier Ackerman,

  die Speurhoof van die afdeling Port Natal

- Majoor Dutton

wat op daardie stadium verbonde was aan 'n spesiale Ondersoek-eenheid in Natal, my kom spreek en meegedeel dat hulle oor inligting beskik ten aansien van die Trust Feed voorval. Op daardie stadium was:

- Majoor Dutton

reeds betrokke met die ondersoek van voorvalle in Natal en het ek die kollegas versoek om voort te gaan met die ondersoek.

- Generaal Majoor Ronnie van der Westhuizen - later Luitenant Generaal
- Kolonel Langenhoven

van Hoofkantoor se spesiale ondersoekspan het ook ondersoek ingestel na die voorval.

8.1.2 Op versoek van die destydse Prokureur Generaal van Natal

- Mnr Mike Imber,

het ek en die voormalige Kommissaris

- Generaal J V van der Merwe

[op daardie stadium Adjunk Kommissaris en steeds in oorhoofse bevel van die Veiligheidstak Afdeling] hom gaan spreek oor beweerde spanning tussen die ondersoekspan van

- Majoor Dutton
- Generaal Majoor Van der Westhuizen.

Na oorlegpleging met

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Mnr Imber

het die voormalige Kommissaris die ondersoekspan

- Generaal Majoor Van der Westhuizen

hom van die ondersoek onttrek. Ek het geen verdere betrokkenheid met die ondersoek self gehad nie.

**[My aanvoeling was die gesprek met mnr Imber dat dit die konflik was op daardie dag, ontlont het].**

8.2 Ondersoek deur die SAP na die ondersoek van bostaande aangeleentheid.

8.2.1 Na skuldigbevinding van die Stasiebevelvoerder

- Kaptein Mitchell

van Hanover en spesiale konstabels het

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Regter Wilson

in sy uitspraak kritiek teen die SAP uitgespreek.

8.2.2 Ek is deur die destydse Minister van Wet en Orde

- Mnr Hernus Kriel

versoek om die aangeleentheid verder te ondersoek. Na ek die uitspraak bestudeer het en die omvang van die kritiek geëvalueer het het ek voorgestel dat 'n onafhanklike persoon die aangeleentheid moes ondersoek en die voormalige Streekhofpresident van Noord Transvaal

- Mnr Krügel

is dan ook op 6 Mei 1992 aangestel deur die Minister om die beweringe van die Regter te ondersoek.

8.2.3 Ek is gevra om die ondersoekkomponent te fasiliteer en op 12 Mei 1992

is 'n vergadering met

- Mnr Krügel

gehou ten einde 'n werkswyse te besluit vir sy ondersoek. Die vergadering is bygewoon deur myself en die volgende lede:

- Generaal Majoor Grovè

**[tans die huidige Speurhoof]**

- Brig Kok

**[een van die hoof regsbeamptes]**

- Kaptein Vos

**[wat nou senior Superintendent is - ook nog in die stelsel**

- Kaptein Vos

is as koödineerder aangestel en

- Majoor Davidson

sou

- Mnr Krügel

van die dag tot dag gebeure inlig. Die volgende besluite wat geneem is op die vergadering blyk uit die inligtingsmemo aan die Minister van Wet en Orde:

8.2.3.1 Generaal Majoor Grovè

bygestaan deur

- Kolonel Britz

**[ook nog in die stelsel en hy is nou Kommissaris]**

- Luitenant Kolonel Du Preez

**[ook nog in die stelsel]**

moes die hofrekord deurwerk en opsommings maak van aspekte wat verdere ondersoek verg, asook die rol en betrokkenheid van die Hoofkantoor Ondersoek-eenheid. Na afloop moes hulle verder verslag doen aan

- Mnr Krügel

8.2.3.2 Generaal Majoor De la Rosa

moes 'n memorandum vir

- Mnr Krügel

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

voorberei oor die werksaamhede van die Nasionale Veiligheidstak bestuurstelsel en 'n basis dokument oor die spesiale Ondersoek-eenheid se werksaamhede.

8.2.3.3 Brigadier Kok

moes die korrektheid daarvan om regsverteenwoordiging vir Staatsgetuies aan te stel bepaal en die rol van die SAP Regs-eenheid ten opsigte van lede van die Polisie.

8.2.3.4 Daar is aan

- Mnr Krügel

voorgestel dat hy na die deurwerk van

- Majoor Dutton

se ondersoekdagboek

**[hy was nie tot my beskikking gestel nou nie, maar mnr Dutton se ondersoekdagboek het 'n dag tot dag weergawe gehad van probleme soos hy dit ondervind het deur die ondersoek]**

met hom gesprek moes voer. 'n Gesprek tussen

- Mnr Krügel
- Regter Wilson
- Mnr Irons

**[wie die Prokureur-Generaal se aanklaer was]**

is ook voorgestel.

8.2.3.5 Majoor Dutton

is versoek om alle bewerings te notuleer en aan my te verskaf,

8.2.3.6 Kaptein Mostert

was getaak om te reël vir 'n verklaring van

- Regter Didcott.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

<u>AANHANGSEL R</u>

8.2.4 Mnr Krügel

het op 29 Mei 1992 'n skrywe aan die Kommissaris van Polisie gerig waarin 'n telefoongesprek met een van die Ondersoekbeamptes

- Kolonel Suiker Britz [nou Kommissaris]

bevestig word waarin hy sekere versoeke rig wat dringend aandag moes geniet.

**[Ek wil graag net u aandag vestig met 'n paragraaf van mnr Willem Krügel se skrywe, hy is tot die beskikking onder S vir die notule, doeleindes paragraaf 3. U is reeds voorsien van 'n afskrif van my brief aan die Goldstone Kommissie,**

**ek het sedertdien kennis geneem dat Proffessor Mathews in Durban met 'n voltydse navorser ondersoek na die Trust Feed aangeleentheid aan die gang het. 'n Brief is ook aan hom gerig, afskrif hierby. Dit sal waardeer word indien soortgelyke ondersoeke wat tot u kennis mag kom, onder my aandag bring.**

**Die punt wat ek wil graag maak is dat die Trust Feed ondersoek 'n hoë profiel aspek was, wat dringend aandag nodig gehad het en ek deel verder daarmee].**

**AANHANGSEL S**

8.2.5 Op 11 Junie 1992 het 'n tweede vergadering plaasgevind met

- Mnr Krügel

bygewoon deur myself en die volgende lede:

- Generaal Majoor Grovè

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**[Ek het reeds gesê - ek herhaal net, tans die Speurhoof]**

- Generaal Majoor De la Rosa

**[nie in die Mag nie]**

- Kolonel Britz
- Kolonel Du Preez
- Majoor Davidson
- Kaptein Vos

**[van die lede is almal nog in die stelsel]**

Buiten

- Generaal Majoor De la Rosa

is die ander lede wat die vergadering bygewoon het en deel was van die onder so ek nog steeds verbonde aan die SAPD.

Op daardie vergadering word terugvoering gegee oor die vordering van die opdragte en word dit genotuleer dat die verklaring van

- Majoor Dutton

bekom is en aan

- Mnr Krügel

oorhandig is.

'n Memorandum oor die funksionering van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel word ook aan

- Mnr Krügel oorhandig.

Tydens daardie vergadering word

- Luitenant Kolonel Hawkins

tot die kommitee gevoeg om

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Mnr Krügel

met administratiewe aangeleenthede by te staan.

Die volgende verdere opdragte word genotuleer:

8.2.5.1 Kolonel Du Preez

moet saakdossiere aanlê ten opsigte van

- Generaal Majoor Marx
- Majoor Van Zyl
- Kaptein Wattrus
- Kaptein Van Heerden

Hy moet ook toesien dat departementele tuglêers ten opsigte van vermelde offisiere en 'n lêer ten opsigte van

• Majoor Terblanche

se betrokkenheid geopen word.

Alle persoonlike lêers op alle vlakke moet ook ten aansien van die persone teen wie saakdossiere aangelê moet word bekom word

8.2.5.2 Kolonel Pienaar

word getaak om ondersoek in te stel na die bevordering van die voormelde offisiere gedurende die tydperk 1 Desember 1988 tot 31 Julie 1991 en dokumentasie wat

- Mnr Krügel

verlang ten aansien van die offisiere, aan hom te oorhandig.

8.2.5.3 Kolonel Du Preez

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

is ook versoek om 'n volledige verslag oor moorde in die gebied waaroor

- Majoor Terblanche

bevel gevoer het, Afdeling: Natal, op te stel.

8.2.5.4 Generaal Majoor De la Rosa

word versoek om 'n verslag oor die aard en werksaamhede van spesiale konstabels by die eenheid te laat opstel.

8.2.5.5 Kolonel Du Preez

is versoek om 'n behoorlike organisatoriese bevelstruktuur vanaf 1 Desember 1988 tot 31 Desember 1991 op te stel.

8.2.5.6 Luitenant Kolonel Hawkins

•Majoor Davidson

word versoek om alle interne dokumentasie op plaaslike, streek - en hoofkantoorvlak in verband met die Trust Feed saak te bekom en beskikbaar te stel.

8.2.5.7 Majoor Davidson

word versoek om 'n kort feiteverslag oor die moorde in Mooirivier waar

- Luitenant Nichas

die beskuldigde was op te stel.

8.2.5.8 Kolonel Britz moet die dossier en volledige ondersoekdagboeke van

- Majoor Van Zyl
- Kaptein Wattrus

bekom.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**[Ek wil net graag uit die aanhanling tot u beskikking my verwelkoming of die dag toe ek nou nog dit fasilteer, Luitenant Generaal Smit verwelkom die verteenwoordigers en beklemtoon uit die staanspoor die belangrikheid van elkeen se rol in die ondersoek. Groot klem word gelê op die totale objektiwiteit van elke betrokkene met hierdie ondersoek.**

**Ek gaan voort].**

**AANHANGSEL T**

8.2.6 Op 25 Junie 1992 rig

•Mnr Krügel

'n skrywe aan die Minister waarin 'n openbare ondersoek oor twee aspekte aanbeveel word, naamlik:

**[Baie kort nadat ons die ondersoek begin het, het mnr Krügel alreeds 'n aanbeveling en ek sal later terugkom hoekom ek dit beklemtoon, want dit is belangrik]**

- Die toesmeerdery of verbloeming en
- Die vraag of
- Kaptein Terblanche

van die Onluste-eenheid of enige ander offisier voorheen soortgelyke optredes as die by Trust Feed onderneem het.

In die skrywe aan

- Minister Kriel

versoek

- Mnr Krügel

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

dat die oorwegings persoonlik met die Minister bespreek word.

**[Ek kan nie kommentaar lewer of die gesprek plaasgevind het nie]**

**<u>AANHANGSEL U</u>**

8.2.7 Dit blyk uit 'n Inligtingsnota gedateer 3 Mei 1993 dat die Minister van Wet en Orde aan die Minister van Justisie in Julie 1992 aanbeveel het dat 'n openbare ondersoek, soos versoek, gehou word.

- Mnr Krügel

se mandaat is op 31 September 1992 deur die Minister van Wet en Orde beïndig.

**<u>AANHANGSEL V</u>**

8.2.8 Op 7 Augustus 1992 ontvang ek 'n Inligtingsnota van

- Kolonel Du Preez

waarin hy verslag doen dat die Prokureur Generaal

- Mnr Mike Imber

nie enige besluit oor kriminele vervolgings sal neem totdat die openbare ondersoek, soos aanbeveel, afgehandel is nie.

**AANHANGSEL W**

8.2.9 Op 12 Maart 1993 stel

- Majoor Davidson

'n Memorandum aan die Kommissaris van Polisie op waarin 'n uiteensetting oor die aangeleentheid gegee word.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL X**

8.2.10 Op 27 April 1993 volg 'n verdere Inligtingsnota aan die Kommissaris [en ook vir my ter insae] deur

- Generaal Majoor Grovè

waaruit dit blyk dat

- Advokaat JJ du Toit

met

- Regter Goldstone

vergader om te besin oor die hantering van die Trust Feed aangeleentheid.

**AANHANGSEL Y**

8.2.11 Op 4 Mei 1993 word 'n konsep-mandaat ten opsigte van die voorgenome Kommissie van Ondersoek deur die Polisie se

Regsafdeling aan die Kommissaris deurgestuur. Die voorgestelde mandaat lees soos volg:

**Om die volgende aangeleentheid te ondersoek en daaroor aan die Staatspresident verslag te doen**

**(a) of enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie tydens die polisie-ondersoek (New Hanover MR2/10/1988), na die aanval op 'n woning op 30 November 1988 waarin 11 persone gedood en 2 beseer is te Trust Feed tersaaklike getuienis verbloem, verswyg of op enige wyse met sodanige ondersoek ingemeng het, en**

**(b) of die nou herroepe Gesamentlike Bestuurstelsel op enige wyse hoegenaamd betrokke was by die beplanning en/of uitvoering van die aanval in paragraaf (a), hierbo na verwys.**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL Z**

8.2.12 Op 10 September 1993 word 'n verdere inligtingsnota aan die Kommissaris van Polisie / myself as Adjunk Kommissaris [Uitvoerende Dienste] gestuur deur

- Luitenant Generaal JH le Roux

Afdelingshoof van die Misdaadbestryding en Ondersoek eenheid.

Uit die nota blyk dit dat gesprek met

- Adv JJ du Toit van die Goldstone- Kommissie

gevoer is dat

- Regter Goldstone

beslis het dat sy Kommissie nie die Trust Feed aangeleentheid gaan ondersoek nie. Samesprekinge is tussen

- Generaal Majoor Grovè
- Mnr Bosch van die Departement van Jusitisie

gevoer en

- Generaal Majoor Grovè

Is ingelig dat die Minister van Justisie nie 'n Kommissie wil aanstel om die aangeleentheid te ondersoek nie, maar nog 'n aanbeveling van die SAP wou bekom.

**AANHANGSEL AA**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

8.2.13 Op 15 September 1993, soos blyk uit die aangehegte memorandum, gee ek opdrag dat die saakdossier wat teen

- Generaal Majoor Marx
- Majoor Van Zyl

geopen is en waar die Prokureur Generaal van Natal sy beslissing oor 'n vervolging al dan nie voorbehou het, opnuut vir beslissing voorgelê word.

**AANHANGSEL BB**

8.2.14 'n Verdere inligtingsnota, gedateer 18 November 1993, volg waaruit dit

blyk dat

- Adv Irons van die Prokureur Generaal Natal

se kantoor aangedui het dat geen beslissing geneem sal word alvorens daar nie 'n bevinding deur 'n openbare Kommissie gemaak is nie. Vanweë die onafgehandelde posisie wat 'n probleem van geloofwaardigheid ten opsigte van 'n verklaarde beleid van deursigtigheid skep, is daar weer voorgestel dat 'n versoek tot die Minister van Wet en Orde gerig word om 'n beslissing oor die beloofde Kommissie van ondersoek te maak.

Die versoek was gerig en 'n handnota is deur die voormalige

- Kommissaris Generaal J V van der Merwe

gemaak op 10 Desember 1993 dat gesprek met die Minister van Wet en Orde gevoer is en dat daar geen aanduiding was dat daar in die nabye toekoms 'n geregtelike Kommissie sou wees nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die Direkteur Generaal van Justisie

- Mnr Noeth

het onderneem om die Prokureur Generaal van Natal te versoek om die saakdossiere op die beskikbare getuienis te beslis.

**AANHANGSEL CC**

8.2.15 Ek is besit gestel van 'n skrywe van die koördineerder van Kommissies

van die SAP

- Kolonel C Davidson

gedateer 12 Mei 1995 aan die Weekly Mail waaruit dit blyk dat die voormalige Minister van Justisie

Kobie Coetzee

aangedui het dat die saak in die Departement van Justisie se hande gelaat moet word.

**AANHANGSEL DD**

8.2.16 Ek het alles binne my vermoë gedoen om die ondersoek te laat geskied en die feite spreek vanself

**Getuienis in antwoord op die kennisgewing gedateer 7 0ktober 1996 soos aangevul deur die nadere besonderhede gedateer 18 Oktober 1996**

Ek het op 9 0ktober 1996 'n versoek aan die Nasionale Kommissaris gerig om my van inligting met betrekking tot die voorvalle deur u vermeld in die kennisgewing te verskaf. Die dokumente wat aan my beskikbaar gestel is word hierby aangeheg. Indien daar verdere dokumentasie bestaan en dit aan my beskikbaar gestel word mag dit wel moontlik wees dat ek ampshalwe van meer detail kon kennis geneem het uit amptelike dokumente.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek kwalifiseer derhalwe my getuienis dat hierdie getuienis beperk is tot dit wat ek onafhanklik kan onthou en wat uit die aanhangsels blyk. Indien my geheue verfris word uit ander dokument e kan ek moontlik verdere getuienis lewer.

Ek het ook die afgelope week via die media kennis geneem dat van die onderhawige aangeleenthede deel vorm van die amnestie aansoeke en dat

- Generaal J V van der Merwe

ook daaroor getuienis afgelê het.

9.1 **Die verdwyning van drie persone bekend as die PEBCO 3 te Port Elizabeth gedurende 1985**

Ek het vir die eerste keer bewus geword van die bestaan van sodanige voorval toe daar onlangs berigte in die media daaroor verskyn het. Ek het ook kennis geneem dat dit ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorval.

Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die beplanning, pleging of die ondersoek na die voorval nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Gedurende 1985 was ek die Adjunk Speuroffisier vir die Afdeling Noord Transvaal. Ek het uit hoofde van die pos wat ek gedurende 1985 beklee het geen kennis gedra van die verdwyning van die PEBCO 3 of die ondersoek daarna nie.

Ek is nie bewus van enige verhoor, Kommissie of moontlike geregtelike doodsondersoeke na die voorval nie. Aangesien dit blyk dat die voorval in Port Elizabeth distrik plaasgevind het sou ek verwag dat 'n dossier daar oopgemaak sou word en in PE ondersoek sou word.

9.2 **Persone beseer en gedood gedurende aanvalle op die huise van die SAP as gevolg van foutiewe handgranate en 'n landmyn 25 Junie 1985**

9.2.1 Ek het kennis geneem dat sulke voorvalle ingesluit word in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorvalle kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK.

Ek dra geen eerstehandse kennis van enige sodanige voorvalle nie, het nooit opdrag gegee vir enige sodanige optrede nie en is nie bewus van enige amptelike opdrag wat gegee is vir sodanige optrede nie. Tot en met 28 Junie 1985 was ek die Adjunk Speuroffisier vir die Afdeling Noord Transvaal. Ek het uit hoofde van die pos wat ek gedurende 1985 beklee het geen kennis gedra van die voorvalle nie.

**9.3 Dood van Brian Elliot Ngqulunga op 20 Julie 1990**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.3.1 Ten tye van die dood van wyle

- Mnr B E Ngqulunga

was ek die oorhoofse Bevelvoerder van die Veiligheidspolisie. Ek het kort na die dood van die lid kennis geneem daarvan.

9.3.2 Benewens die feit dat ek ingelig was dat

- Mnr B E Ngulunga

vermoor is dra ek geen persoonlike kennis van wat aanleiding gegee het tot sy dood nie. Ek het nooit enige opdrag gegee dat hy gedood moes word nie en was ook nie bewus daarvan dat enige ander persone opdrag sou gegee het dat hy gedood moes word nie.

Ek het kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het ook kennis geneem dat Kolonel Eugene de Kock skuldig bevind is aan sameswering om die

misdaad moord ten aansien van

- Brian Elliot Ngqulunga

te pleeg, by die pleging daarvan behulpsaam te wees en dit te bewerkstellig. Ten tye van die voorval was

- Kolonel De Kock

die bevelvoerder van eenheid C1 'n eenheid van die Veiligheidspolisie, wat gemoeid was met die bekamping van terrorisme. Hy het onder die bevel van

- Brigadier Van Rensburg

gedien wat op sy beurt aan my of die Adjunk Bevelvoerende offisier

- Generaal Majoor Erasmus

gerapporteer het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het die uitspraak van

- Regter Van Der Merwe

nagegaan en verwys na bladsye 12312 -12328 van die rekord waarin die Regter volledig handel met die getuienis rondom die dood van

- Mnr B E Ngqulunga.

Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die beplanning, pleging of die ondersoek na die voorval nie.

<u>AANHANGSEL EE</u>

9.4 **Dood van Phemelo Moses Nthehelang (Bruce) gedurende Junie/Julie**

**1989**

Gedurende 1989 was ek in bevel van Uitvoerende Dienste van die Veiligheidstak Afdeling. Ek het onlangs vir die eerste keer bewus geword van die dood van

- Mnr P M Nthehelang

toe daar berigte in die media daaroor verskyn het in die loop van die beriggewing van die verhoor van

- Kolonel Eugene de Kock

Ek het kennis geneem dat

- Kolonel De Kock

skuldig bevind is aan begunstiger tot strafbare manslag. Ten tye van die voorval was

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Kolonel De Kock

die bevelvoerder van eenheid C1 'n eenheid van die Veiligheidspolisie, wat gemoeid was met die bekamping van terrorisme. Hy het onder die bevel van

- Brigadier Schoon

gedien die voorganger van

- Brigadier Van Rensburg
- Brigadier Schoon

en later

- Brigadier Van Rensburg

het op hulle beurt aan my of die Adjunk Bevelvoerende offisier

- Generaal Majoor Erasmus

gerapporteer. Ek het aan

- Generaal J V van der Merwe

gerapporteer. Ek het die uitspraak van

- Regter Van der Merwe

nagegaan en verwys na bladsye 12554 - 12576 van die rekord waarin die Regter volledig handel met die getuienis rondom die dood van

- Mnr P M Nthehelang

Ek het ook kennis geneem dat dit ingesluit word in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorval. Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die beplanning, pleging of die ondersoek na die voorval nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL FF**

**9.5 Dood van Bheki Mlangeni op 15 Februarie 1991**

9.5.1 Ten tye van die dood van

- Mnr B Mlangeni

was ek die oorhoofse Bevelvoerder van die Veiligheidspolisie. Ek het onmiddelik na die dood van

- Mnr B Mlangeni

kennis geneem daarvan omdat dit hoë prominensie in die media geniet het en daar dadelik bewerings was dat die Veiligheidspolisie verantwoordelik was vir sy dood. Vanweë die beweringe het die

ondersoek hoë prioriteit geniet en het die spesialis ondersoek eenheid die saak ondersoek.

Privaat forensiese kundiges het deel uitgemaak van die ondersoekspan. Ek weet ook dat die ondersoekbeamptes Zambië toe gegaan het om leidrade daar op te volg. Ek was toevallig eendag in die kantore toe monsterhandskrifte van verskeie lede van die Veiligheidspolisie geneem is.

9.5.2 Benewens die feit dat ek ingelig was dat

- Mnr B Mlangeni

vermoor was dra ek geen eerstehandse kennis van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot sy dood nie. Ek het nooit enige opdrag gegee dat hy gedood moes word nie en was ook nie bewus daarvan dat enige ander persone opdrag sou gegee het dat hy gedood moes word nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het wel kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het ook kennis geneem dat

- Kolonel Eugene de Kock

skuldig bevind is aan strafbare manslag. Ten tye van die voorval was

- Kolonel De Kock

bevelvoerder van die eenheid C 10 [voorheen C 1]

Hy het op daardie stadium onder die bevel van

- Brigadier Engelbrect

gedien wat op sy beurt aan

- Generaal Majoor BJ Beukes

gerapporteer wat weer aan my gerapporteer het. Ek het die uitspraak van

- Regter Van Der Merwe

nagegaan en verwys na bladsye 12375 -12396 van die rekord waarin die Regter volledig handel met die getuienis rondom die dood van

- Mnr B Mlangeni.

**AANHANGSEL GG**

9.6 **Bomontploffing ANC Londen kantoor 14 Maart 1982.**

Ek het kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die brief van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het uit die nadere besonderhede vir

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

die eerste maal kennis geneem van die tyd, datum en plek van die ontploffing en aanvaar dat dit die voorval is waarvoor

Majoor Craig Williamson

volgens mediaberigte, aanspreeklikheid erken het. Ek het geen eerstehandse kennis van sodanige voorval nie, het nooit opdrag gegee vir enige sodanige optrede nie en is nie bewus van enige amptelike opdrag wat gegee is vir sodanige optrede. Ek het ook nooit ondersoek ingestel of laat instel na enige sodanige voorval nie.

Ten tye van hierdie voorval was ek die nasionale bevelvoerder van SANAB verbonde aan die Speurafdeling.

9.7 **Dood van 'n lid van die ANC in die Northam voorval: Patrick**

**Mhlangu 26 Maart 1986**

Ek het kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorval kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK.

Ek dra nie eerstehandse kennis van enige sodanige voorval nie, het nooit opdrag gegee vir enige sodanige optrede nie en is nie bewus van enige amptelike opdrag wat gegee is vir sodanige optrede. Ten tye van hierdie voorval was ek die nasionale bevelvoerder van die Spesiale Misdaad Eenheid verbonde aan die Speurafdeling.

9.8 **Dood van Japie Maponya September 1985**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.8.1 Ek het kennis geneem dat hierdie voorval ingesluit is in die skrywe van

Wagener, Muller en Du Plessis. Die voorval het ook ter sprake gekom by die Harms Kommissie en die Goldstone Kommissie. Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by of die pleging of die ondersoek na die voorval nie.

Gedurende 1985 was ek verbonde aan die Speurafdeling te Hoofkantoor. Ek het uit hoofde van die pos wat ek gedurende 1985 beklee het geen kennis gedra van die beweerde voorval of die ondersoek daarna nie.

9.8.2 Ek het ook kennis geneem dat

- Kolonel Eugene de Kock

skuldig bevind s aan menseroof, aanranding met die opset om ernstig te beseer en aan sameswering om die misdaad van moord ten aansien van

- Japie Maponya

te pleeg en by die pleging daarvan behulpsaam te wees. Ek het die uitspraak van

- Regter Van Der Merwe

nagegaan en verwys na bladsye 12512 -12554 van die rekord waarin die Regter volledig handel met die getuienis rondom die dood van

- Mnr J Maponya.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL HH**

9.9 **Dood van 'n ANC lid te Mafikeng**

Ek het kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het egter geen idee waarna hierdie stelling verwys met betrekking tot datum, tyd en plek hier en vind dit daarom baie moeilik om kommentaar daaroor te lewer.

Ek is nie eers seker of hierdie voorval plaasgevind het in die tydperk wat ek by die Veiligheidspolisie betrokke was nie. Ek dra geen eerstehandse kennis van enige sodanige voorvalle nie, het nooit opdrag gegee vir enige sodanige optrede nie en is nie bewus van enige amptelike opdrag wat gegee is vir sodanige optrede nie.

Waar persone gedood is moet dit ondersoek word en 'n geregtelike doodsondersoek gehou word.

9.10 **Oorgrens optrede**

9.10.1 Die betrokkenheid van die SAP by die beplanning van oorgrens operasies moet gesien word in die lig van die Nasionale Bestuurstelsel. Die Staatsveiligheidsraad [ hierna verwys as die "SVR"] was ingestel ingevolge die Wet op Veiligheidsinligting en die Staatsveiligheidsraad, Wet no 64 van 1972 bestaande uit die Staatspresident en sekere Ministers insluitend die Hoof van die SAW, Kommissaris van Polisie en die Direkteur-Generaal van Departement Nasionale Intelligensie, Buitelandse Sake en Justisie.

9.10.2 Die SVR het 'n Sekretariaat [ hierna verwys as "SSVR"] gehad wat in verdere komponente verdeel was.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Gedurende die tydperk Januarie 1989 tot en met 31 Maart 1991 was ek

deel van 'n Koördinerende Inligtings Kommitee [ hierna verwys as "KIK"]. Ek maak die afleiding dat hierdie interdepartementele kommitee

onder die SSVR geresorteer het. Ek was egter nie betrokke toe die kommitee in die lewe geroep is nie. Ek het aanvanklik gedurende die begin van 1989 KIK bygewoon saam met die voormalige Kommissaris

- Generaal J V van der Merwe

maar het van ongeveer middel 1989 dit alleen bygewoon uit hoofde van

die pos wat ek in die Veiligheidspolisie beklee het.

9.10.3.1 KIK het bestaan uit verteenwoordigers van die Veiligheidspolisie, Militêre Inligting, Departement Buitelandse Sake en Nasionale Intelligensie [ hierna verwys as "NI"] onder voorsitterskap van

- Dr Neil Barnard

van N1 Inligting is versamel deur 'n interdepartementele werkgroep bekend as TREWITS [Teen Revolusionêre Inligtingstaakspan.] Die verwerkte inligting is dan deur KIK bespreek en geëvalueer. Van tyd tot tyd is subkomitees ook aangestel om inligting verder te evalueer.

9.10.3.2 Die Teenrevolusionêre Inligtingstaakspan [TREWITS] is volgens dokumentasie [opgestel in Februarie 1989] wat aan my beskikbaar gestel is, is teen die einde van 1986, in opdrag van KIK, gestig. Die eenheid het onder voorsitterskap van die Veiligheidstak [ Eenheid C 4] gefunksioneer en bestaan uit lede van die Veiligheidstak, N1, en Afdeling Militêre Inligting.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.10.3.3 Die werksaamhede van die taakspan het die volgende behels:

[a] **Die koördinering van inligting wat vir die Inligtingsgemeenskap van belang is om op 'n nasionale grondslag 'n strategie te ontwerp om die aanslag van die ANC af te weer.**

[b] **Waar omstandighede gesamentlike optrede deur lede van die Inligtingsgemeenskap aan die hand van bepaalde inligting noodsaaklik maak, sodanige inligting met behulp van alle beskikbare inligting te evalueer en te vertolk.**

**[c]** **Die insameling van alle inligting tov ANC teikens in die buiteland (met inbegrip van buurstate) en die byhou van sodanige inligting met die oog op optrede teen ANC teikens.**

**AANHANGSEL JJ**

9.10.4 Die verwerkte inligting met aanbevelings is verwys na die Staats

Veiligheidsraad SVR vir besluitnemening en implementering. Ek was nooit lid van die SVR nie en kan daarom nie kommentaar lewer op die werksaamhede van die SVR nie. Departementshoofde, en in die geval die SAP die Kommissaris, het op die SVR gedien. Ek het wel by 'n beperkte aantal geleenthede die Kommissaris bygestaan toe toeligting gegee is. Hierdie enkele gevalle was nooit gemoeid met oorgrensaanvalle nie.

9.10.5 Ek kan nie onafhanklik uit my geheue enige herinnering oproep dat oorgrens aanvalle deur KIK aanbeveel was in die tydperk wat ek deel was van die kommitee nie. Die notules van KIK behoort van N1 beskikbaar te wees. Ek het beslis nooit enige opdrag gegee of ontvang om enige oorgrens aanval uit te voer nie.

9.10.6 Dat daar wel oorgrensaanvalle plaasgevind het in naburige lande soos

- Botswana
- Lesotho

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Swaziland
- Transkei

betwyfel ek nie.

Ek beskik egter nie oor persoonlike kennis met betrekking tot die beplanning, magtiging en uitvoering daarvan nie. Ek glo dat die insidente geboekstaaf behoort te wees en deel vorm van die SVR se notules. Ek verwys ook in hierdie verband na paragrawe 6.9 - 6.13, wat handel oor oorgrensaanvalle, van 'n dokument wat deur die SAP voorberei is in antwoord op vrae van die President gedateer 20 Junie 1994.

Ek is meegedeel dat gemelde dokument as 'n gespreksdokument deur die SAP benut is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.10.7 Ek dra geen eerstehandse kennis van enige van die oorgrensaanvalle

wat in die nadere besonderhede gedateer 18 Oktober 1996 vermeld word nie. Alhoewel oorgrensaanvalle deur KIK beplan was soos blyk uit **Aanhangsel JJ1** was daar geen sodanige optredes bespreek of beplan gedurende die tydperk Januarie 1989 - 31 Maart 1991 terwyl ek

op die kommitee was nie.

Nie een van die gemelde voorvalle het volgens die nadere besonderhede plaasgevind gedurende hierdie tydperk nie.

9.10.8 Voorvalle genommer 1-4, 7,8 en 10 het almal plaasgevind terwyl ek verbonde was aan die Speurafdeling.

9.10.9 Aangesien dit nie duidelik is wanneer in 1988 voorval 5 plaasgevind het nie kan ek nie met juistheid sê of ek die Noord Transvaal Streek Veiligheidstak Bevelvoerder of in bevel van Uitvoerende Dienste te Veiligheidstak Hoofkantoor was nie. Ek dra egter nie kennis van die voorval nie.

9.10.10 Voorval 9 het plaasgevind terwyl ek die Noord Transvaal Streek Veiligheidstak Bevelvoerder was. Ek het egter geen kennis van die voorval nie.

**9.11 Die dood van nege ANC lede in Kwa Ndebele op 15 Julie 1986**

Ek het kennis geneem dat hierdie voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorval kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorval. Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die beplanning, pleging of die ondersoek na die voorval nie. Gedurende 1986 was ek die nasionale bevelvoerder van die Spesiale misdaad eenhede verbonde aan die Speurafdeling.

**9.12 Die dood van nege ANC lede in Bophuthatswana op 27 Junie 1986**

Ek het kennis geneem dat hierdie voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorval kennis geneem na ontvangs van die nadere

besonderhede verskaf deur die WVK.

Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorval. Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die pleging, beplanning of die ondersoek na die voorval nie.

Gedurende 1987 was ek die nasionale bevelvoerder van spesiale misdaad eenhede verbonde aan die Speurtak.

**9.13 Die dood van Piet Ntuli in Kwa Ndebele gedurende 1986**

Ek het kennis geneem dat hierdie voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die pleging of die ondersoek na die voorval nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Gedurende 1986 was ek verbonde aan die Speurafdeling te Hoofkantoor. Ek het uit hoofde van die pos wat ek gedurende 1986 beklee het geen kennis gedra van die beweerde voorval of die ondersoek daarna nie. Ek is nie bewus van enige verhoor, Kommissie of moontlike geregtelike doodsondersoeke na die voorval nie.

**9.14 Die dood van Joe Jele gedurende 1986**

Ek het kennis geneem dat hierdie voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorval.

Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by 6f die

pleging óf die ondersoek na die voorval nie. Gedurende 1986 was ek verbonde aan die Speurafdeling te Hoofkantoor. Ek het uit hoofde van die pos wat ek gedurende 1986 beklee het geen kennis gedra van die beweerde voorval of die ondersoek daarna nie.

Ek is nie bewus van enige verhoor, Kommissie of moontlike geregtelike doodsondersoeke na die voorval nie.

9.15 **Die dood van 'n polisieman en sy vrou te Hammanskraal op 17 Julie 1987**

Ek het kennis geneem dat hierdie voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorval kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK. Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorval.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die pleging of die ondersoek na die voorval nie. Gedurende 1986 was ek verbonde aan die Speurafdeling te Hoofkantoor.

Ek het uit hoofde van die pos wat ek beklee het geen kennis gedra van die beweerde voorval of die ondersoek daarna nie.

9.16 **Die dood van Jeffrey Sibiay in Bophuthatswana gedurende 1987**

Ek het kennis geneem dat hierdie voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorval.

Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by ~f die pleging of die ondersoek na die voorval nie. Gedurende 1987 was ek verbonde aan die Speurafdeling te Hoofkantoor.

Ek het uit hoofde van die pos wat ek gedurende 1987 beklee het geen kennis gedra van die beweerde voorval of die ondersoek daarna nie. Ek is nie bewus van enige verhoor, Kommissie of moontlike geregtelike doodsondersoeke na die voorval nie.

9.17 **Die dood van Harold Sefola 17 Julie 1987**

Ek het kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorval kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek dra nie eerstehands kennis van enige sodanige voorvalle nie, het nooit opdrag gegee vir enige sodanige optrede nie en is nie bewus van enige amptelike opdrag wat gegee is vir sodanige optrede nie. Gedurende 1987 was ek verbonde aan die Speurafdeling en het uit hoofde van die pos wat ek beklee het geen kennis gehad van die voorval nie.

9.18 **Die dood van Andrew Makupe op 17 Julie 1987**

Ek het kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorval kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK.

Ek dra nie eerstehands kennis van enige sodanige voorvalle nie, het nooit opdrag gegee vir enige sodanige optrede nie en is nie bewus van enige amptelike opdrag wat gegee is vir sodanige optrede nie. Gedurende 1987 was ek verbonde aan die Speurafdeling en het uit hoofde van die pos wat ek beklee het geen kennis gehad van die voorval nie.

**9.19 Die dood van Jackson Maake op 17 Julie 1987**

Ek het kennis geneem dat die voorval ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorval kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek dra nie eerstehands kennis van enige sodanige voorvalle nie, het nooit opdrag gegee vir enige sodanige optrede nie en is nie bewus van enige amptelike opdrag wat gegee is vir sodanige optrede nie. Gedurende 1987 was ek verbonde aan die Speurafdeling en het uit hoofde van die pos wat ek beklee het geen kennis gehad van die voorval nie.

9.20 **Ontploffings wat plaasgevind het in Bophuthatswana, Mamelodi, Atteridgeville en Pienaarsrivier gedurende 1987**

Ek het kennis geneem dat hierdie voorvalle ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Dit is die somtotaal van my kennis ten aansien van die voorvalle.

Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorval nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by of die pleging Of die ondersoek na die voorval nie.

Gedurende 1987 was ek verbonde aan die Speurafdeling te Hoofkantoor. Ek het uit hoofde van die pos wat ek gedurende 1987 beklee het geen kennis gedra van die beweerde voorvalle of die ondersoek daarna nie.

9.21 **Die bomaanvalle en/of aanvalle op:**

**•Khotso Huis**

**•Khanya Huis**

**•Cosatu Huis**

**•Joubertpark**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**•J G Strydom Hospitaal**

**•Gemeenskapsentrum - Kaapstad**

**•Councilors Hall - Soweto**

**•Sandton en Randburg krag substasies**

**en soortgelyke aanvalle**

9.21.1.1 Ek het kennis geneem dat hierdie voorvalle ingesluit is in die skrywe van Wagener, Muller en Du Plessis. Ek het vir die eerste maal van die detail van die voorvalle kennis geneem na ontvangs van die nadere besonderhede verskaf deur die WVK.

Ek dra geen eerstehandse kennis van die voorvalle nie en wil dit onomwonde stel dat ek nooit in enige mate betrokke was by die pleging, opdraggewing of die ondersoek na die voorvalle nie. Ek het

die afgelope week ook via die media kennis geneem van die getuienis van

- Generaal J V van der Merwe

ten aansien van die bomontploffing te Khotso Huis.

9.21.1.2 Na ontvangs van die nadere besonderhede het ek die Nasionale Kommissaris versoek om alle inligting met betrekking tot die vermelde voorvalle aan my beskikbaar te stel. Die inligting wat ontvang is word hierby ingesluit.

**9.21.2.1 Gemeenskapsaal, Salt River, Kaapstad op 29 Augustus 1987 (no 4 van die nadere besonderhede)**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.21.2.1.1 Ten tye van hierdie voorval was ek verbonde aan die Speurafdeling te Hoofkantoor. Uit hoofde van die pos wat ek beklee het, as Bevelvoerder van die Spesiale Misdaad Eenhede, het ek geen kennis gehad van die voorval nie. Ek was onbewus dat daar enige betrokkenheid van die Veiligheidsmagte was by die pleging van hierdie voorval. Ek het nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daaraan nie.

9.21.2.1.2 Kolonel De Kock

het in sy getuienis ter strafversagting in sy strafsaak op p 12861-13683 van die rekord verwys na 'n aanval op die **Community Center** te Kaapstad. Ek dra geen kennis van die beweringe nie.

**AANHANGSEL KK**

9.21.2.2 **Gemeenskapsaal, Soweto op 8 Maart 1988 (no 6 van die nadere besonderhede)**

9.21.2.2.1 Ten tye van hierdie voorval was ek die bevelvoerder van die Noord Transvaalse Streek van Veiligheid. Die voorval het nie plaasgevind binne die streek waaroor ek bevel gehad het nie. Ek kan nie onafhanklik uit my geheue oproep dat ek van hierdie voorval kennis geneem het ten tye van die plaasvind daarvan nie.

Ek was onbewus van die betrokkenheid van Veiligheidslede by hierdie voorval. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie.

9.21.2.2.2 Ek sluit hiermee 'n uittreksel in van inligting verskaf deur die SAP ten aansien van 'n terreurdaad op 8 Maart 1988 in Soweto. Aangesien ek nie oor kennis van die voorval beskik nie, is ek nie seker of dit betrekking het op die voorval en daarna verwys nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

<u>**AANHANGSEL LL**</u>

9.21.2.3 **Randburg Subkragstasie op 27 April 1988 (no 7 van die nadere besonderhede)**

Ten tye van hierdie voorval was ek die bevelvoerder van die Noord Transvaalse Streek van Veiligheid. Die voorval het nie plaasgevind binne die streek waaroor ek bevel gehad het nie.

Ek kan nie onafhanklik uit my geheue oproep dat ek van hierdie voorval kennis geneem het ten tye van die plaasvind daarvan nie.

Ek was onbewus van die betrokkenheid van Veiligheidslede by hierdie voorval. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die

beplanning of uitvoering daarvan nie.

9.21.2.4 **Joubertpark - Johannesburg Kuns Gallery op 30 Junie 1988 (no 3 van die nadere besonderhede)**

9.21.2.4.1 Ten tye van hierdie voorval was ek die Bevelvoerder van die Noord Transvaalse Streek van Veiligheid. Die voorval het nie plaasgevind binne die streek waaroor ek bevel gehad het nie.

Ek kan nie onafhanklik uit my geheue oproep dat ek van hierdie voorval kennis geneem het ten tye van die plaasvind daarvan nie.

Ek was onbewus van die betrokkenheid van Veiligheidslede by hierdie voorval. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.21.2.4.2 Ek is nou in besit gestel van 'n dokument deur die SAP waar die aard van hierdie voorval aangegee is as:

- **Poging tot moord op burgerlikes.**
- **Ontploffing van 'n 158-mini kleefmyn by die Kunsgalery in Joubertpark, St Georgestraat, Johannesburg. (Wits-Kommandement-gebou is een blok van die Kunsgalery geleë.**

**Dit is moontlik dat die Wits Kommandement die teiken was, maar dat die dader as gevolg van Weermaglede se teenwoordigheid aldaar, dit nie nader wou waag nie.**

Onder die opskrif teenoptrede word die volgende aangedui:

**Terreurorganisasie verliese:**

- **Een S/M, BTK Mahlaba ANC-terroris (buitelands opgelei) is dood**

**AANHANGSEL MM**

9.21.2.5 **Cosatu Huis ( no 9 van die nadere besonderhede)**

9.21.2.5.1 Volgens die nadere besonderhede word beweer dat hierdie voorval gedurende 1991 te Pretoria plaasgevind het. Ek het die datum met die SAPD opgevolg en is meegedeel dat Cosatu Huis in Johannesburg gedurende Junie of Julie 1988 in 'n voorval betrokke was Indien dit gedurende Junie/Julie 1988 plaasgevind het was ek die Bevelvoerder van die Noord Transvaalse Streek van Veiligheid en het die voorval nie

binne my streek plaasgevind nie.

Hoe dit ook al sy ek kan nie onafhanklik uit my geheue oproep dat ek van hierdie voorval kennis geneem het ten tye van die plaasvind daarvan nie. Ek was onbewus van die betrokkenheid van Veiligheidslede by hierdie voorval. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.21.2.5.2 Kolonel De Kock

het in sy getuienis ter strafversagting op p 12866-p12871 van die rekord verwys na die aanval op Cosatu Huis in Johannesburg. Ek dra nie kennis van die beweringe nie.

**AANHANGSEL NN**

9.21.2.6 **Khotso Huis -Johannesburg op 31 Augustus 1988 ( no 1 en 11 van**

**die nadere besonderhede)**

9.21.2.6.1 Ten tye van hierdie voorval was ek die Bevelvoerder van die Noord Transvaalse Streek van Veiligheid. Die voorval het nie plaasgevind binne die streek waaroor ek bevel gehad het nie. Ek kan my in herinnering roep dat die aangeleentheid destyds heelwat mediadekking geniet het en dat die ondersoek van die saak ook hoë prioriteit geniet het. Ek was onbewus van die betrokkenheid van Veiligheidslede by hierdie voorval. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie. Ek het, soos reeds gemeld, kennis geneem via die media van

- Generaal Van der Merwe

se getuienis aangaande die voorval.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.21.2.6.2 Kolonel De Kock

het in sy getuienis ter strafversagting op p 12872-P12879 van die rekord verwys na die aanval op Khotso Huis. Ek dra nie kennis van die beweringe nie.

**AANHANGSEL OO**

9.21.2.6.3 Ek is nou in besit gestel van 'n dokument deur die SAP waar die voorval soos volg beskryf is:

- **Aanval op privaatgebou.**

**Ontploffing van 'n motorbom in die kelderverdieping by die hysbakke aan die Oostekant van Khotso House, De Villiersstraat 42, Johannesburg**

**AANHANGSEL PP**

9.21.2.7 **Khanya Huis, Pretoria op 12 Oktober 1988 ( no 10 van die nadere besonderhede)**

9.21.2.7.1 Ek is op 1 Oktober 1988 aangestel as Bevelvoerder Uitvoerende ienste

onder bestuur van

- Generaal J V van der Merwe.

Ek het kennis geneem dat die voorval plaasgevind het maar was onbewus van die betrokkenheid van die Veiligheidsmagte by die voorval. Sover ek kon onthou was 'n saak van brandstigting destyds ondersoek. Ek was nie betrokke by die ondersoek nie.

Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.21.2.7.2 Kolonel De Kock

het in sy getuienis ter strafversagting op p 12864 p12865 van die rekord verwys na 'n aanval op Khanya Huis. Ek dra nie kennis van die beweringe nie.

<u>**AANHANGSEL QQ**</u>

9.21.2.8 **Sandton kragstasie gedurende Desember 1988 ( no 8 van die nadere besonderhede)**

9.21.2.8.1 Tydens die plaasvind van hierdie voorval is ek steeds Bevelvoerder Uitvoerende Dienste onder die bestuur van

- Generaal J V van der Merwe

Ek kan nie onafhanklik uit my geheue onthou dat die voorval plaasgevind het nie. Ek was onbewus van die betrokkenheid van die

Veiligheidsmagte. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie.

9.21.2.9 **J G Strydom Hospitaal op 27 Julie 1989 (no 2 van die nadere besonderhede)**

9.21.2.9.1 Tydens die plaasvind van hierdie voorval is ek steeds Bevelvoerder Uitvoerende Dienste onder die bestuur van

- Generaal J V van der Merwe.

Ek kan nie onafhanklik uit my geheue onthou dat die voorval plaasgevind het nie. Ek was onbewus van die betrokkenheid van die Veiligheidsmagte. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.21.2.9.2 Ek is in besit van 'n dokument wat deur die SAP opgestel is waarin die voorval soos volg omskryf word:

**Poging tot moord op Burgerlikes**

**'n 158 Mini kleefmyn het op terras 2 van die parkeergronde van die J G Strydom Hospitaal, Brixton gedetoneer**

<u>**AANHANGSEL RR**</u>

9.21.2.10 **Early Learning Center, Athlone op 31 Augustus 1989 (no 5 van die**

**nadere besonderhede)**

9.21.2.10.1 Tydens die plaasvind van hierdie voorval is ek steeds Bevelvoerder Uitvoerende Dienste onder die bestuur van

- Generaal J V van der Merwe

Ek kan nie onafhanklik uit my geheue onthou dat die voorval plaasgevind het nie. Ek was onbewus van die betrokkenheid van die Veiligheidsmagte. Ek het beslis nooit opdrag gegee of deel gehad aan die beplanning of uitvoering daarvan nie.

9.21.2.10.2 Ek is in besit van 'n dokument wat deur die SAP opgestel is waarin die voorval soos volg omskryf word:

**Poging tot moord op Burgerlikes.**

**'n Ontploffing van 'n onbekende ploftoestel het in die hoek van die lesingsaal aan die westekant van die Early Learning Resources Center te Springboklaan Athlone, plaasgevind**

Onder die opskrif teenoptrede word die volgende aangedui:

**Terreurorganisasie verliese:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**Twee ANC hulpverleners gearresteer**

**AANHANGSEL SS**

9.21.3 In die lig van die waarskynlike betrokkenheid van die Veiligheidsmagte by die voorvalle en die erkennings deur die voormalige Kommissaris van Polisie

- Generaal J V van der Merwe

in sy getuienis op 21 Oktober 1996 voor die WVK het ek myself die vraag afgevra waarom ek nie bewus was van die betrokkenheid nie. Dit blyk eerstens dat die oorgrote meerderheid van die optredes plaasgevind het voordat ek verbonde was aan Veiligheidstak Hoofkantoor. Voorvalle genommer 1/11, 3, 4, 6, 7 en 9.

Voorval nommer 10 het plaasgevind enkele dae na my verplasing na Hoofkantoor en die oorblywende voorvalle 2, 5 en 8 terwyl ek in bevel was van Uitvoerende Dienste, maar steeds onder bestuur van •Generaal J V van der Merwe.

Ek het op 1 Januarie 1990 bevel van die Veiligheidstak Afdeling oorgeneem.

9.21.4 0m meer duidelikheid te kry oor hierdie voorvalle het ek die SAPD versoek om my van alle amptelike inligting, wat insluit inligtingsnotas en memorandums te voorsien.

9.21.5 Ek verwys na die volgende dokumentasie ten einde die WVK perspektief te gee van die omvang van terreurdade waarvan ek kennis geneem het gedurende die tydperk 1 0ktober 1988 - 31 Desember 1989. Die voormelde voorvalle nommer 2, 5 en 8 was, gesien teen die agtergrond van die totale omvang van terreur dus nie so buitengewoon dat dit my sou noop om spesiaal ondersoek daarna te laat instel nie. Ondersoek na die voorvalle het in die normale loop van sake plaasgevind.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**<u>AANHANGSEL TT 1 en TT 2</u>**

9.22 **Die stigting, organisering en operasies van Polisie Teen Insurgensie Eenhede gebaseer te Vlakplaas en soortgelyke operasies/basisse**

9.22.1 Ek was nooit betrokke met die stigting van Vlakplaas of enige polisie Teen Insurgensie/ teen terroriste eenhede nie. Vlakplaas en die teen terroriste eenheid het in Februarie 1979 tot stand gekom.

'n Verklaring gedateer 20 Maart 1990 is deur 'n voormalige Kommissaris van Polisie

- Generaal P J Coetzee

opgestel waaruit die agtergrond en motivering wat aanleiding gegee het tot die stigting van Vlakplaas en die teen terroriste eenheid se taak en funksie blyk. Die verklaring en aanhangsels het voor die Harms Kommissie gedien en is deel van daardie rekord. Die verklaring, sonder aanhangsels, wat beskikbaar is, word hierby aangeheg.

Die taak van die eenheid was die bekamping van terrorisme deur die opsporing van terroriste en onwettige wapens en 'n landswye ondersteuningsdiens vir alle Veiligheidstakke in hul ondersoeke teen terroriste.

Die agtergrond, bedrywighede, verandering en uiteindelike ontbanning blyk uit paragrawe 5.1- 5.14 van die SAP gespreksdokument . **Aanhangsel JJ 1**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**<u>AANHANGSEL UU</u>**

9.22.2.1 Ek word op 1 0ktober 1988 aangestel as Bevelvoerder Uitvoerende Dienste, Veiligheidstak Hoofkantoor. Die Veiligheidstakke landwyd asook groepe C en D van Veiligheidstak Hoofkantoor, wat uit verskeie eenhede bestaan het, het onder my bevel gedien.

9.22.2.2 Groep C was gemoeid met terrorisme en groep D met Stratkom en

intelligensie. Elke groep het sy eie bevelvoerder gehad. Groep C het onder die oorhoofse bevel van

- Brigadier Schoon

gedien tot met sy aftrede op 31 Oktober 1989 waarna hy opgevolg is deur

- Brigadier Van Rensburg

Groep D het aanvanklik onder die oorhoofse bevel van

- Brigadier Stadler

gedien en is opgevolg deur

- Brigadier Gerhard Erasmus.

9.22.2.3 Ek was nie gemoeid met die organisering van die Afdeling nie en het 'n

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

bestaande stelsel oorgeneem steeds onder die bestuur van die voormalige Kommissaris

- Generaal J V van der Merwe [op daardie stadium Adjunk Kommissaris]

wat oorhoofse bevel van die Veiligheidstak Afdeling tot 31 Desember 1989 behou het.

- Generaal Majoor Erasmus

my Adjunk Bevelvoerder van 1 November 1988 het my bygestaan met my bestuurstaak.

9.22.2.4 Die bevelvoerders van die onderskeie eenhede, onder beheer van die groepsbevelvoerders was verantwoordelik vir die dag tot dag bedrywighede van die onderskeie eenhede. In besonder het

- Brigadier Schoon
- Brigadier Van Rensburg
- Generaal Majoor Louw Erasmus

jare se ervaring van die veiligheidstelsel gehad en het ek met vertroue die aktiwiteite van die eenhede aan hulle oorgelaat.

9.22.3.1 Groep C het bestaan uit 4 eenhede naamlik C 1, C2, C3 en C4. Elke eenheid het sy eie bevelvoerder gehad belas met die volgende funksies:

•C1 die bekamping van terrorisme, bekend as "Vlakplaas"

•C2 navorsing - terrorisme

•C 3 terreurstatistiek

•C 4 'n teen-revolusionêre inligting taakspan.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.22.3.2 Groep D het aanvanklik bestaan uit 3 eenhede, elk met sy eie bevelvoerder getaak met die volgende funksies:

- D1 stafoffisierskakeling, teenspioenasie en administrasie;
- D2 Binne en Buitelandse Operasies, Intelligensie opleiding en navorsing
- D3 operasionele lugsteun / Stratkom bedryf

Dit is verder uitgebrei na:

- D 4 Teenspioenasie
- D 5 Administrasie

9.22.4 Vlakplaas [Eenheid C 1] was onder die direkte bevel van

- Kolonel De Kock

Soos hierbo uiteengesit was hy op sy beurt onder die bevel van

- Brigadier Schoon

en later onder die bevel van

- Brigadier Van Rensburg

Die taak van die eenheid was steeds die bekamping van terrorisme deur die opsporing van terroriste en onwettige wapens en om as 'n nasionale eenheid 'n ondersteuningsdiens vir alle Veiligheidstakke landwyd te wees in ondersoeke teen terroriste.

9.22.5 Landswye Veiligheidstakke het aan Afdelingsbevelvoerders gerapporteer wat weer op hul beurt aan Veiligheidstak Hoofkantoor gerapporteer het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.22.6 Na my bevordering tot Luitenant. Generaal op 1 Januarie 1990 het ek bevel van die Veiligheidstak Afdeling geneem. Vanweë die politieke veranderinge na die ontbanning van verbode organisasies en die vrylating van die

- President Mnr Mandela

het die funksie van die Veiligheidspolisie verander. In hierdie verband verwys ek na paragraaf 5.6 en verder van die dokument wat opgestel is

deur die SAP in antwoord op vrae gestel deur die President waaruit die

veranderinge en aard van veranderinge duidelik blyk. **Aanhangsel JJ1**

Die fokus van Groep C en D verskuif weg van ideologies gemotiveerde misdade na gewone misdaadbekamping.

9.22.7 Vanweë die geweldige omvang van my bestuurstaak het ek die Afdeling herstruktureer en is die volgende veranderinge op 1 0ktober 1990, soos vroeër gemeld, geïmplementeer:

- 'n Verdere buitestaander en kundige
- Generaal Majoor A Pruis

word vanaf die Minister se kantoor gewerf om betrokke te wees met vertolking, beplanning en voorligting.

- Die Inspektoraat onder bevel van
- Brigadier JH le Roux

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

word uitgebrei om my te kan adviseer met betrekking tot die Veiligheidstakke landwyd.

'n Interne ouditafdeling word geskep en

- Kaptein L H Meiring

word van buite die Veiligheidstak Afdeling van die Finansiële Afdeling gewerf. Die maatreël is addisioneel tot die twee persone wat vanaf die Ouditeur Generaal se kantoor op 'n deurlopende basis die Spesiale rekening oudit.

9.22.8 Groepe C en D word soos volg herstruktureer:

9.22.8.1 Groep C met Groepshoof

- Generaal Majoor I J Engelbrecht

word op 5 November 1990 vanaf die Speurafdeling verplaas en aangestel as oorhoofse bevelvoerder van Groep C as gevolg van sy kennis van die bekamping van gewone misdaad.

Die doel is om opleiding te gee aan die persone wat nie werklik vertroud was met gewone misdaadondersoeke nie ten einde te verseker dat die lede se fokus kan verander. Groep C bestaan uit die volgende komponente:

•C 10 [voorheen C 1 "Vlakplaas"] Bekamping van terrorisme en misdaadbestryding

•C 11 Navorsing terrorisme

•C12 Terreurstaktiek

•C20 Ondersoek

•C21 Aanhoudings

•C22 WH 10/11 Onderskeppings

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL F**

9.22.8.2 Groep D onder bevel van

- Luitenant Kolonel Oosthuizen

bestaan uit die volgende komponente:

•D10 Intelligensie

•D11 Stratkom

•D12 Teenspioenasie

**AANHANGSEL F**

9.22.8.3 Op 22 Oktober 1990 word 'n skrywe aan al die Streekshoofde van die

Veiligheidstakke oor hul opdragte ten aansien van die bekamping van terrorisme gestuur. Die volgende opmerkings word in die skrywe gemaak:

**In die onderhandelingsproses is die SA Polisie dus die vernaamste bron van inligting oor die veiligheidsituasie. Derhalwe is dit Hoofkantoor se taak om die Regering met kwaliteit inligting te voorsien.**

9.22.8.4 Ter motivering word die volgende redes gegee:

**2.1 Op 6 Augustus het die African National Congress (ANC) in sy onderhandelinge met die SA Regering hom verbind tot die opskorting van geweld ....**

**2.2 Voortspruitend uit hierdie ondememing en verbintenis en omdat die ANC daarop aanspraak maak dat hy die grootste deel van die RSA se bevolking verteenwoordig, is dit van die uiterste belang dat <u>alle</u> aktiwiteite gemonitor en volledig oor verslag gedoen word.**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**2.3 Om die Regering dus in staat te stel om met gesag en behoorlik voorbereid met die onderhandelingsproses voort te gaan , is dit noodsaaklik dat feitlike inligting volledig en korrek vanaf grondvlak tot sy verteenwoordigers se beskikking gestel word.**

**Vir hierdie doel moet dus nie net die ANC se aktiwiteite**

gemonitor word nie maar elke individu (ongeag sy organisasieverband) se betrokkenheid in die revolusionêre aanslag is nodig om tendense, modus operandi en/of verskuilde aktiwiteite en motiewe te kan bepaal.

2.4 In die lig van die toenemende beskuldigings van verskillende organisasies maar veral die ANC, dat die SA Polisie primer verantwoordelik is vir of betrokke is by dade van geweld met die doel om die vredesinisiatiewe van die Regering in sy onderhandeling met die verskillende organisasies, skipbreuk te laat lei, is dit nodig om deur feitlike verslaggewing ten opsigte van lede van die verskillende organisasies of individue die handelinge en persepsies van sodanige organisasielede of individue te ontbloot. Vir die doel is dit dus nodig om nie net na 'n persoon se handelinge/versuime en sy organisasieverband te kyk nie maar om dieper te delf en ook te bepaal hoe verstaan die persoon, as lid van 'n organisasie , sy organisasie se beleid jeens die onderhandelinge met die Regering, geweld en die opskorting daarvan, asook enige ander aspekte war 'n rol speel tussen die lid en sy organisasie en tussen die organisasie en die Regering.

2.5 Gedagtig aan die spekulasie en beweringe van die bestaan

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**van 'n sogenaamde "derde mag" ("third force') wat geweld bedryf en sodoende die onderhandelingsproses skipbreuk wil laat lei, moet al die data van enige persoon betrokke by die dade waar daar ondiskriminerend met geweld teen die publiek opgetree is -byvoorbeeld die moordtogte op treine in Witwatersrand- streek -ook gerapporteer word. Dit is noodsaaklik om die oorsake te bepaal wat persone motiveer om sodanige dade van geweld te pleeg.**

**AANHANGSEL UU1**

9.22.9.1 Op 1 April 1991 ondergaan die Veiligheidstak 'n verandering en word dit geïntegreer met die voormalige Speurafdeling. Die nuwe eenheid staan bekend as die Misdaadinligtingsdiens [MID] en vorm deel van die Misdaadbestryding en -ondersoek afdeling wat bestaan uit

MID, die Kriminelerekordsentrum en die Forensiesewetenskap laboratorium.

Ek word aangestel as die MBO Bevelvoerder. Generaal Majoor Viljoen word aangestel as hoof van MID met

- Generaal Majoor BJ Beukes

as sy adjunk. Die doel van MID is die ondersoek van misdaad en omvat die volgende werksaamhede:

- die insameling, verwerking en vertolking van misdaadinligting
- die insameling van getuienis; die voorbereiding en prosessering

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

van hofdossiere

•die hantering van spesialisondersoeke

•die ondersoek van onnatuurlike sterfgevalle en beweerde onreëlmatighede

•internasionale skakeling aangaande misdaadondersoek.

9.22.9.2 'n Memorandum word op 26 April 1991 aan die Hoof, alle Streekbevelvoerders, alle Groeps- en Eenheidshoofde en Gebiedsbevelvoerders van MID gestuur met 'n uiteensetting van die nuwe organigram asook 'n bylae van die werksaamhede van sekere Groepe en Eenhede.

Die voormalige groepe C en D word soos volg herstruktureer:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Groep C met Groepshoof

- Generaal Majoor I J Engelbrecht

in die volgende komponente:-

- C 10 [voorheen C 1 "Vlakplaas"] Misdaadbestryding
- C 20 Misdaadnavorsing en Koördinering, met onderafdelings
- C 21 Inligtingskoördinering
- C 22 Terreurstatistiek
- C 30 Veiligheidsondersoeke, Siviele eise en Interdikte
- C 40 Administratiefregtelike optrede, verhore en aanhoudings
- C 50 Bewegingsbeheer

Groep D behou net een komponent onder bevel van

- Luitenant Kolonel Oosthuizen

vir koverte inligting;

**AANHANGSEL VV**

9.22.9.3 'n Interne skrywe gedateer 6 Maart 1992 word aan alle eenhede gesirkuleer waaruit dit blyk [ p 3 van bylae A tot die skrywe ] dat die werksaamhede van Eenheid C 10 die volgende is:

**Die insameling en benutting ( in samewerking met die eenheid Georganiseerde Misdaad) van inligting mbt georganiseerde misdaad en terreurwapentuig**

**AANHANGSEL WW**

9.22.10 Op 21 Januarie 1992 word 'n Inligtingsnota aan die destydse Minister

van Wet en Orde gestuur waarin verslag gedoen word oor die werksaamhede van die gerehabiliteerde terroriste wat ook bekend was as die Askari-komponent van Vlakplaas.

Uit die verslag blyk dit dat alle Askari lede opgelei is as volwaardige polisiemanne en aldus aangestel is. In opvolging van die basiese kursus was 24 as volwaardige speurders opgelei en aangestel. Die taak, doel en funksie van die komponent word soos volg omskryf:-

- Doelgerigte bekamping van ernstige geweldsmisdade, georganiseerde misdade en misdade teen die Staat en die persoon
- Om as hulpmiddel te dien om misdaad teen die Staat en georganiseerde misdaad te bestry en op te los dmv 'n gestruktureerde koverte/koverte inligtingsinsamelings vermoë;

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Die beskikbaarstelling van professionele en gedissiplineerde groepe om ondersteuning aan al die streke in die RSA te kan verleen by bepaalde misdaadondersoeke.

**AANHANGSEL XX**

9.22.11 Gedurende Januarie 1993 word Groep C egter uitgefasseer en finaal op 31 Maart 1993 ontbind. 'n Volledige memorandum in sake die pensioenering van die Askari- lede waarin die redes vir die aflegging van die lede van C 10 uiteengesit word, is op 15 Januarie 1993 deur die voormalige Kommisaris

- J V van der Merwe

aan die destydse Minister van Wet en Orde gestuur. Die memorandum is opgestel deur

- Generaal Majoor I J Engelbrecht

en bevestig deur

- Luitenant Generaal JH le Roux
- Generaal Majoor K L Craemer.

Die aanbevelings is dan ook aan die destydse kabinet voorgelê en goedgekeur. Volledige besonderhede met betrekking tot die aflegging van die lede verbonde aan C 10 [ voormalige Vlakplaaslede] is aan die Goldstone Kommissie beskikbaar gestel en het die volgende ingesluit:

- Memorandum: Pensioenering: Askari-lede met bylaes
- Kabinetsmemorandum 1/1993

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Kabinetsmemorandum: Pensioenering: Maart 1993
- Kabinetsmemorandum: April 1993

**AANHANGSEL YY**

9.22.12 Die koördineerder van Kommissies, Luitenant Kolonel Davidson het ook

op 17 Maart 1994 'n skrywe aan die Goldstone Kommissie gerig en 'n aantal kabinetsnotules aangeheg insake die aflegging van die Askari's.

**AANHANGSEL ZZ**

9.22.13 Ek was nooit betrokke met die onderhandelinge, motivering of uiteindelike besluit om die voormalige lede van Vlakplaas af te lê nie soos duidelik blyk uit die voorgaande dokumentasie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.23 **Die beplanning en/of uitvoering van operasies gerig op die sluipmoorde van persone**

Ek dra geen eerstehandse kennis van die beplanning of uitvoering van enige operasies wat ten doel gehad het om mense te dood of ernstig te beseer nie.

9.24 **Die aard en omvang van samewerking ten aansien van koverte operasies tussen die SAP en die SAW, insluitend, maar nie beperk tot samewerking met die BSB of enige soortgelyke projekte uitgevoer deur die Departement van Militêre Inligting**

9.24.1. Ek dra nie eerstehandse kennis van enige spesifieke koverte operasies

waar samewerking tussen die SAP en die SAW plaasgevind het nie, insluitende die BSB en die Departement van Militêre Inligting.

9.24.2 Die bestaan van die BSB het vir die eerste maal tot my kennis gekom tydens die Harms Kommissie, maar ek het nooit enige eerstehandse kennis van die bestaan van die BSB gehad nie.

9.24.3 Enige koverte operasies waar samewerking tussen die SAP en die SAW plaasgevind het sou deur die betrokke Ministers goedgekeur moes gewees het.

9.24.4 Die Koördinerende Intelligensie Kommitee [KIK], waarna vroeër verwys is, het die struktuur vir samewerking geskep aangesien inligting van die onderskeie inligtingskomponente deur die kommitee geëvalueer is. Die kommitee het onder voorsitterskap van NI gefunksioneer en alle aanbevelings is na die Staatsveiligheidsraad verwys vir besluitneming.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.24.5 Ek het reeds in paragraaf 9.10 ten aansien van oorgrensoptredes verwys na TREWITS. **Aanhangsel JJ**.

Dit was 'n werkgroep wat onder voorsitterskap van die Veiligheidspolisie gefunksioneer het en bestaan het uit lede van die SAP, NI en Afdeling Militêre Inligting.

9.24.6 Die voormelde taakspan se verantwoordelikheid was om te verseker

dat die beskikbare inligting omtrent die volgende bedrywighede van die ANC deurlopend bygehou word:

[a] organisatoriese samestelling en funksionering

(b) strategie en strategiese doelstellings;

(c) strategiese en taktiese beplanning;

(d) persoonlikhede met die klem op die bevel en beheerstrukture

(e) fasiliteite en ontplooiing

(f) sterkte

(g) werwing en opleiding

(h) kommunikasie

(i) skakeling met ander state en organisasies

[j] internasionale aktiwiteite

(k) doktriene en taktiek

(l) wapens en uitrusting

(m) modus operandi

(n) sterk-en swakpunte

(o) teikenontwikkeling.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.24.7 Paragraaf 6 van **Aanhangsel JJ** verklaar dat:

**Die ontwikkeling van teikens, word tans nog, soos in die verlede, deur die projekte-groep van Spes Magte hanteer. Die redes hiervoor is dat die groep nie, soos aanvanklik beplan, by die kantore van TREWITS gesetel is nie en die feit dat die groep oor die nodige ervaring, kundigheid en toerusting beskik. Daar is egter goeie samewerking tussen TREWITS en die projektegroepe en alle inligtingg, waarvann die verspreiding nie beperk is nie,**

**wat met die ontwikkeling van teikenns verband hou, word deur TREWITS met die groep geskakel.**

9.24.8 Paragraag 7 van die dokument **Aanhangsel JJ** meld dat volgens opdrag van **KIK** moet alle inligting aan TREWITS beskikbaar gestel word. Die dokument maan egter dat die persepsie bestaan dat alle tersaaklike inligting aan TREWITS beskikbaar gestel word terwyl dit nie die geval is nie:

**Inligting waarvann die verspreiding vanweë een of ander noodsaaklike rede, beperk word, word in die lig daarvan hanteer en nie met die ander dienste geskakel of byvoorbeeld, op die Streekstrukture verwerk nie. Die gevaar wat hieraan verbonde is, is dat dit meebring dat die produk wat gelewer word nie die werklike situasie voorstel nie en besluitnemers onder 'n wanindruk gebring kan word.**

ARCHIVE FOR JUSTICE

9.24.9 Ek het na aanleiding van die kennisgewing van die WVK op 23 Oktober

1996 ook gesprek gevoer met Senior Superintendent Louw van die SAPD. Hy was sedert die stigting van TREWITS tot en met die ontbinding daarvan verbonde aan die eenheid. Dokumentasie deur hom opgestel word dan ook hierby aangeheg waaruit die aard van die eenheid se werksaamhede blyk.

<u>**AANHANGSEL ZZ1**</u>

9.25 **Die betrokkenheid van lede van die SAP in die beplanning, magtiging, befondsing en uitvoering van koverte operasies gerig**

**op wettige en voormalige verbode organisasies binne die landsgrense asook buitelands.**

9.25.1 Daar was sover my kennis strek geen onderskeid gewees tussen koverte operasies binne- of buitelands nie en u paragrawe 25 en 26 word derhalwe saam hanteer. Indien my geheue verfris word met verwysing na spesifieke aangeleenthede of verdere dokumentasie aan my beskikbaar gestel word mag ek moontlik in staat wees om verdere getuienis te lewer.

9.25.2 Ek was sedert my aanstelling as Hoof van die MBO op I April 1993 glad nie gemoeid gewees met koverte operasies nie.. Daar moet verder In gedagte gehou word dat ek eers met ingang van 1 0ktober 1988 verplaas is na die Veiligheidstak Afdeling te Hoofkantoor.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die verantwoordelikheid vir die bestuur van koverte operasies was die verantwoordelikheid van

- Luitenant Generaal Viljoen

gedurende die tydperk wat ek die Bevelvoerder van die Afdeling was en my kennis is daarom beperk. Dit was nie deel van my lynfunksie dat ek operasies eers moes goedkeur of noodwendig daarvan kennis neem nie. Aanbevelings aan die Kommissaris kon vir goedkeuring na die Minister verwys word.

9.25.3 Die betrokkenheid van die SAP by die beplanning van koverte operasies moet weer eens gesien word in die lig van die Nasionale

Bestuurstelsel waarna vroeër verwys is. Die SVR het bestaan uit die Staatspresident en sekere Ministers insluitend die Hoof van die SAW, Kommissaris van Polisie en die Direkteur-Generaal van Departement Nasionale Intelligensie, Buitelandse Sake en Justisie.

9.25.4 Die SVR het 'n Sekretariaat [SSVR] gehad wat ook in komponente verdeel was wat ingesluit het 'n Tak Strategiese Kommunikasie [TSK]. Die TSK het aanbevelings aan die SVR gedoen wat sekere terreine aan die SAP toegeken wat departementeel bestuur moes word.

Volgens my kennis het dit ingesluit die Arbeidsterrein, Teen Revolusionêre terrein, Studenteterrein en later ook die Regsterrein.

Hierdie besonderhede behoort te blyk uit die notules van die SVR.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

9.25.5 Slegs die terreine is geïdentifiseer en elke Departement het self besluit oor watter fronte gestig moes word en welke aksies geneem moes word.

9.25.6 Met my verplasing na die Veiligheidstak Afdeling was sekere koverte operasies reeds beplan, gemagtig en befonds en het ek kennis geneem daarvan.

'n Volledige ondersoek is gedurende 1991 deur die Kahn Kommissie gedoen na die koverte operasies van die SAP en verslag is aan die Staatspresident daaroor gedoen. Ek het nou die Nasionale Kommissaris van die SAP versoek vir 'n afskrif van die verslag maar dit

is nog nie tot my beskikking gestel nie. Ek is egter meegedeel dat die Kahn verslag aan die WVK beskikbaar gestel is.

9.25.7 Die SAP se inligtingsbasis het die aktiwiteite op hierdie onderskeie terreine wat toegeken is bepaal. Persone op grondvlak sou inligting insamel en dit sou geëvalueer word. Die bemagtiging om enige koverte operasies uit te voer was geleë in die befondsing daarvan wat op Ministeriële vlak was. Die Minister van Wet en Orde moes alle aksies goedkeur.

9.25.8 Ek het ampshalwe kennis geneem van die beplanning en magtiging van koverte operasies. Dit was die praktyk om enige projek wat geïdentifiseer is en waarvoor magtiging benodig was by wyse van 'n memorandum aan die Minister voor te lê.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

9.25.9 Ek verwys na 'n toeligtingsnota gedateer 16 Oktober 1990 waaruit dit blyk dat die Departement Finansies vereis het dat die primate lynfunksie van die Veiligheidstak naamlik, die insameling en evaluering van inligting as 'n projek goedgekeur moes word. Die inligtingsnota is gerig aan die Minister van Wet en Orde, die Kommissaris van Polisie en myself as hoof van die Veiligheidstak. My handnota verskyn op die dokument waarin ek

- Generaal Viljoen

versoek om die aangeleentheid te hanteer.

**<u>AANHANGSEL AAA</u>**

9.25.10 Na aanleiding van die voorgaande inligtingsnota is 'n

memorandum gedateer 25 Oktober 1990 opgestel, nagesien en geteken deur

- Generaal Majoor Viljoen.

Dit is voorgelê aan die Minister van Wet en Orde

- Mnr A Vlok

vir goedkeuring in terme waarvan die SKEPPING EN UITBOUING VAN 'N NASIONALE INTELLIGENSIE-VERMOë BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE VEILIGHEIDSTAK: PROJEK DETEGERE goedgekeur is. Ek het kennis geneem van die memorandum en my stempel verskyn dan ook daarop. Hierdie is die enigste dokument wat aan my beskikbaar gestel is deur die SAPD ten aansien van koverte operasies.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL BBB**

9.25.11 Projekte wat ek kan onthou was die vakbond UWUSA [United Workers

Union of South Africa] en die projek Victor wat gehandel het oor die verkiesing in Namibië wat ten doel gehad het om splinterpartye te mobiliseer. Ek is ook bewus daarvan dat SAP lede 'n kantoor in London bedryf het. Ek is nie seker wanneer daardie kantoor gesluit is nie. Daar was beslis ook ander projekte gewees.

9.25.12 Alle Stratkom projekte wat op die politieke terrein van toepassing was is op 31 Julie 1991 getermineer in opdrag van die kabinet.

9.25.13 Tot en met 1 April 1993 was die befondsing van koverte operasies

gereguleer deur die Wet op die Spesiale Rekening vir die Suid-Afrikaanse Polisie Wet 74 van 1985 wat op 1 April 1985 in werking getree het. Hierdie wet is herroep op 31 Maart 1993. Sedert 1 April 1993 was goedgekeurde projekte ingevolge die Wet op die Rekening vir Geheime Dienste, 1978 finansier. 'n Dokument gedateer 11 April 1994 is deur die SAP beskikbaar gestel waaruit die hantering van die Rekening vir Geheime Dienste blyk. Ministeriële goedkeuring vir projekte was 'n voorvereiste en die Kommissaris was rekenpligtig.

**AANHANGSEL CCC**

9.25.14 'n Inligtingsnota gedateer 17 Maart 1994 aan die Afdelingshoof MBO handel oor die administrasie van die rekening vir geheime dienste. Dit blyk duidelik dat fondse slegs bekom en gebruik kon word vir dienste wat in verband staan met goedgekeurde geheime diens. Wanneer aansoek gedoen word om fondse deur 'n lid moet dit deur sy bevelvoerder aanbeveel word voor dit goedgekeur word vir goedkeuring.

**AANHANGSEL DDD**

9.25.15 'n Inligtingsnota gedateer 18 Maart 1994 bevestig ook dat na 'n interne

inspeksie gedurende Julie-Augustus 1991 oor die rekening vir geheime dienste by Eenheid C 10, die bestuur van die MBO besluit het om met die oog op beter beheer en kontrole ten opsigte van die kostesentrum 'n offisier in beheer van die kantoor te plaas.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**AANHANGSEL EEE**

9.25. 16 Die delegasie van bevoegdhede kragtens die Wet op die Spesiale Rekening vir die SAP blyk uit die aangehegte memorandums gedateer 9 Mei 1990, 17 Mei 1991, 2 Augustus 1991, 1 Junie 1992, en 4 November 1993

**AANHANGSEL FFF1 - FFF5**

26. **Enige ander aangeleentheid of insident wat gepleeg is deur enige lid van die Suid-Afrikaanse Veiligheidsmagte wat 'n growwe menseregskending daarstel en gepleeg is terwyl ek 'n offisier in die SAP was.**

Gedurende my loopbaan het ek van tyd tot tyd kennis geneem van beweerde menseregskendings deur 'n lid of lede van die SAP. Ek beskik egter nie oor eerstehandse kennis met betrekking tot enige aangeleentheid of insident nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

27. **Samevatting**

In die lig van my loopbaan in die SAP in die Speurafdeling en my oorplasing eers in 1988 na die Veiligheidstak afdeling is dit vir my dit baie moeilik om getuienis van waarde te lewer ten aansien van die growwe menseregskendings na verwys in die kennisgewing gedateer 7 0ktober 1996. Voorval no 9 word nie in konteks geplaas nie en ek kan dus nie kommentaar lewer nie. Buiten voorvalle genommer 3,4 en 5 het al die ander voorvalle [twee oorgrensaanvalle uitgesluit ] plaasgevind voor 1988. Alhoewel daar melding gemaak word van twee oorgrensaanvalle in 1988 was ek op daardie stadium nog nie

deel van KIK nie en daarom nie ingelig oor die gebeure nie. Ten aansien van voorvalle 3, 4 en 5 wil dit uit die uitspraak in die saak van

- Kolonel De Kock

voorkom asof al drie die voorvalle gemik was daarop om persone te elimineer wat oor getuienis ten aansien van die Veiligheidsmagte se verlede beskik het. Ek was nie deel van daardie verlede nie en was ook nie deel van enige poging om iets te verbloem of weg te steek nie.

Ek sal enige verder toeligting verskaf indien dit verlang word.

Geteken te Pretoria op 24 Oktober 1996.

**SJJ Smit**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE